



UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

MATIELAND



Beleggers - Ouers - Oud Maties!!



Kondig met trots die verkoop van East-Lynne woonstelblokke onder deeltitel aan.

Gebruik hierdie geleentheid om 'n puik belegging te maak naby die historiese kern van Stellenbosch.

Stapafstand van die kampus, Coetzenburg-sportgronde, die botaniese tuin en die middedorp.

Eenmans (bachelors) ($30m^2$) vanaf R105 000 – Tweeslaapkamer ($87m^2$) vanaf R169 000


Eenslaapkamer ($58m^2$) vanaf R142 000 – Drieslaapkamer ($101m^2$) vanaf R192 000

Gratis parkeerplek ingesluit.

Skakel dus nou 021-887 4740 of skryf aan Posbus 981, vir verdere inligting:

Anna Basson gekenmerk deur jarelange professionele diens

Onverbeterlike ligging !



**EAST
LYNNE**

M A T I E L A N D

J a a r g a n g 3 7

2 : 1 9 9 3

I N H O U D

Redaksioneel	3
Fokus op	3
Studente dien nou in US-Raad, Senaat	4
18,2% van eerstejaars het matriek met A geslaag ..	4
Rekeningkunde-Maties presteer in SA en oorsee ..	5
Neelsie kry 'n nuwe baadjie	6
Dis die 16de US-gebou wat 'herlewe'	6
Studentedienste nou in ou biblioteekgebou	7
'Mooiste saal op Stellenbosch' behou sy vloer	8
Academic in SA rock climbing team at World Cup final ..	8
Akademie vereer Viserekotor, 4 professore	9
Die US se warm hart in die Noorde	10
Universiteit se begroting R242 miljoen	10
Met 'n Oud-Matie-kredietkaart help 'n mens die US	11
Fisikamedalje vir US-akademikus	12
Landbouwetenskappe vereer ouddekaan	12
Einde van die De Vries-era	14
Hoogtepunte uit die afgelope 14 jaar	18
Off-campus projects for Western Cape teachers	19
Taallaboratorium op 30 reg vir rekenaareeu	19
Graadsertifikaat aan prof Ricoeur oorhandig	20
Fisikamedalje vir US-akademikus	21
Landbouwetenskappe vereer ouddekaan	21
Van Coetzenburg tot 'Down Under' beïndruk hy	22
Kanadees eer Hongaar met Matie-beurse	23
Dosent lei ondersoekspan na vyf Afrikalande	23
Bevorder en aangestel	24
Ambassadeurs op besoek	25
Van ons donateurs	26
Reünies	28
In memoriam	30



Nuwe' Neelsie - bl. 6



Einde van era - bl. 14




Bok-bestuurder - bl. 22

Voorblad: Die gemoderniseerde binnekant van die Ou Carnegie-biblioteekgebou wat tot einde 1983 vir 45 jaar die Universiteitsbiblioek gehuisves het en sedert die begin van vanjaar as Blok A van die Sentrale Administrasie onder andere die Registrateur en sy personeel huisves. Hier is die groot studentelokaal (met kassierstoonbankie links en 'n navraetoonbank agter) wat die middelpunt van dié heringerigte gebou beslaan. Lees die berig hieroor op bl. 7. Foto: Antenie Carstens.

Matieland word drie keer per jaar uitgegee, en word gratis aan oudstudente en donateurs van die US gestuur

Redaksiekantoor: Afdeling Openbare Betrekkinge, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak X5018, Stellenbosch, 7599; tel (021)808-4633/808-4851, faks (021)808-4499. Adreslys: (021)808-4634.

Redakteur: Hans Oosthuizen **Uitleg:** Elmarie van der Merwe, Buvo, US. **Drukkers:** Nasionale Handelsdrukkery, Parow.



BERGHOEWE - SOMERSET-WES

GROEPSBEHUISINGEENHEDE (EIE TITEL)
VANAF R165 000 (BTW ingesluit - geen hereregte)

- o Geleë 15 km vanaf Stellenbosch
- o 5 km vanaf Strand
- o 30 km vanaf Kaapstad
- o Landelike atmosfeer
- o Veilige omgewing
- o Berg- en see-uitsig
- o 2/3 Slaapkamer-eenhede
- o 2½ Badkamers
- o Enkel/dubbel-motorhuise
- o Eenhede ommuur
- o Projek omring met veiligheidsmuur

Kombineer Universiteitsakkommodasie met
'n Kaapse vakansiewoning.

Vir meer inligting: skakel (024) 553056/553609

TE KOOP: PAARL

Historiese Kaaps-Hollandse (H-vorm) huis - gebou in 1770 - met aangrensende historiese waenhuis (gebou in 1826) wat nou as restaurant dien * Met 23 ha grond * In die hart van die historiese Paarl-vallei * Onbeperkte moontlikhede vir toerisme, gesondheidsoord, ens. * Dit is die erkende geboorteplek van Sarel Cilliers Prys op aanvraag beskikbaar.

Om meer besonderhede oor eiendom in die gesogte Stellenbosch- en Franschhoek-omgeving, bel MIKE BUCHANAN-CLARKE

FRANSCHHOEK
ESTATE AGENCY

Tel. 02212-2312 • Fax 02212-2524

PPS - Want mens weet nooit wanneer 'n ramp jou tref nie

PPS — Professionele Dekking Vir Beroepslei

Die beste siekte- en ongesiktheidsvoordele, 'n belastingvrye enkelbedrag by aftrede, groepstermlewensdekking, uittree-annuïteitplanne en Profmed — die mediese fonds uitsluitlik vir u geskep.

**Alleenlik aan Gegradueerde
Beroepslei beskikbaar.**

Spring reg weg ... skakel PPS vandag.



Die Professionele Voorsieningsvereniging van Suid-Afrika
Posbus 1089
HOUGHTON 2041
Telnr: (011) 486-1088
Faks: (011) 486-2946



CAP 4581A

Begin van 'n nuwe era

Met hierdie uitgawe van Matieland word afskeid geneem van prof Mike de Vries, wat tot aan die einde van Junie vir 14 jaar aan die Universiteit die leiding geneem het.

Sy Rektorskap sedert 1 Julie 1979 het die kroon gespan op 'n verbintenis van meer as vier dekades met die US - as briljante en veelsydige student, dosent, chemikus en navorser voordat hy in 1974 as dekaan en in 1976 as Viserektor tot die Universiteit se bestuurskorps toegetree het.

Die "De Vries-era" was 'n tydperk van uitbreiding, groei, verandering en vernuwing. Maar prof De Vries se nalatenskap aan die US was veel meer as die monumente van toerusting en geboue, bedrae en getalle. Sy besliste, rigtinggewende leierskap is veral gekenmerk deur sy strewe om die Universiteit deur akademiese voortreffelikheid en deur dielewering van gehalteopleiding en navorsing so diensbaar as moontlik aan Suid-Afrika en al sy mense te stel.

Saam met prof De Vries tree prof Hennie Rossouw vanjaar af. Hy het sedert 1985 as die eerste bekleer van die pos Viserektor (Akademies) 'n sleutelbydrae gelewer om die Universiteit te help uitbou as 'n inrigting wat deur akademiese uitmuntendheid gekenmerk word.

Soos prof De Vries, het sy opvolger, prof Andreas van Wyk, die grootste deel van sy loopbaan aan die US gewy en hom eweneens as talentvolle en briljante Matie, US-dosent, regsgelerde, dekaan en Viserektor (Bedryf) onderskei voordat hy as die nuwe Rektor en Visekanselier aangewys is.

Hy en die twee nuwe Viserektore, proff Christo Viljoen en Walter Claassen - albei ook Oud-Maties met hoogstaande akademiese loopbane aan die US - vorm 'n top-bestuurspan aan die Universiteit op 'n tydstip dat politieke omwenteling en ekonomiese onsekerheid ook

die universiteitswese in Suid-Afrika voor nuwe uitdagings te staan bring.

In die snel veranderende wêreld waarin ons leef, kan universiteite as die ontginnings en oordraers van kennis 'n belangrike bydrae lewer - in die landsbelang en tot voordeel van die breë Suid-Afrikaanse samelewing. Aan die US kan daar voortgebou word op die grondslag wat hiervoor oor vele jare gelê is.

Prof Mike de Vries en prof Hennie Rossouw se aftrede is aan die einde van lang, geseënde loopbane waarin hulle deur jare van ywer en toewyding 'n blywende stempel gelaat het wat nog lank tot voordeel van die Universiteit merkbaar sal wees.

Prof Andreas van Wyk en die twee ander nuwe lede van die Rektoraat is uitstekend toegerus vir die moeilike en onsekere maar uitdagende en opwindende tyd waarin hulle die leiding aan die US oorneem.

Prof Walter Claassen, wat as die US se nuwe Viserektor (Akademies) aangestel is, in die plek van prof Hennie Rossouw wat einde vanjaar aftree. Prof Claassen neem intussen in sy nuwe pos waar terwyl prof Rossouw vir die hele tweede semester opgehoopte studieverlof het.

Dit beteken dat die Universiteit nou 'n heeltemal nuwe bestuurspan het, met prof Andreas van Wyk wat op 1 Julie as Rektor en Visekanselier oorgeneem het, prof Christo Viljoen wat hom as Viserektor (Bedryf) opgevolg het en prof Claassen as Viserektor (Akademies).

Prof Claassen is sedert 1991 Direkteur: Navorsing. Hy was voorheen hoof van die Departement Semitiese Tale en Kultuur (nou Ou Nabye Oosterse Studies) waaraan hy sedert 1969 verbonde was, aanvanklik as deeltydse dosent, vanaf 1971 as lektor, later as senior lektor, as mede-professor en vanaf 1986 as professor en departementshoof.

Sedert 1986 is hy ook Direkteur

van die SWO (RGN)-ondersteunde Navorsingseenheid vir Rekenaartoe-passings op die Taal en Teks van die Ou Testamente.

Hy het al sy universiteitskwalifikasies aan die US behaal: BA, Hons.BA, MA, B.Th. en Licensiaat in die Teologie alles met lof asook D.Litt. (Semitiese Tale, 1971). In 1969 het hy die Kanseliersmedalje as daardie jaar se beste student verower. Hy het ook die Ernest Oppenheimer Memorial Trust Beurs (1965-'68) en die Koningin Victoria Stipendium vir buitelandse navorsing (1971) ontvang.

Die Alexander von Humboldt Stigting se gesogte toekenning vir nadoktorale navorsing in Duitsland is

Fokus op ...



drie keer (1973-'74, '83 en '89) aan hom toegeken. Dié stigting het prof Claassen ook twee keer (1985-'87 en '92-'93) as gasheer of medewerker benoem vir buitelanders wie se navorsingsverblyf aan

die US deur 'n stipendium van die stigting moontlik gemaak is.

Hy het reeds wyd gepubliseer - onder meer vier boeke, vier boekhoofdstukke, 15 wetenskaplike artikels, 12 gepubliseerde kongresverrigtinge, twee omvattende navorsingsverslae en verskeie populêre artikels en referate - en hy was ook die redakteur van die "Journal of Northwest Semitic Languages."

Prof Claassen was 'n lid van

RGN-ondersoeke oor "Die rekenaar in onderrig en opleiding" en oor "Lexinet" en hy het in die adviesraad van die Online Information-konferensie in 1992 in Londen gedien. Verder is hy sedert 1989 'n lid van die SWO (RGN) se deskundige adviespaneel.

Hy dien in verskeie SA en internasionale liggame, komitees en verenigings, waaronder die Ou Testamentiese Werkgemeenskap van SA, die "International Organisation for the study of the Old Testament" en die "Association internationale: Bible et informatique."

Nadat prof Claassen sedert voorverlede jaar ondervoorsitter van die raad van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns was, het hy onlangs die Akademieraadvorsitter geword.


Hy is 'n oud-Dagbreker wat gedurende 1976-'80 dié koshuis se inwonende hoof was. Sy vrou, dr Vest Claassen, is ook 'n Oud-Matie wat in 1985 'n doktorsgraad in biblioteekkunde aan die US behaal het. Hulle het drie dogters, Berna (18), Renate (16) en Susan (15).

M

Studente dien nou in US-Raad, -Senaat

'n Studenteverteenwoordiger dien nou vir die eerste keer in die Universiteit se geskiedenis in die Raad - die US se hoogste besluitnemingsliggaam. Twee Matie-verteenwoordigers het ook sedert vroeër vanjaar sitting in die US-Senaat verky.

Dit is 'n belangrike ontwikkeling in die Universiteit se beleid van deelnemende bestuur, omdat Maties nou in alle bestuursvlakke aan die US inspraak het. Die doel met die beleid van deelnemende bestuur is om te verseker dat die Maties geraadpleeg word en



Mnr André van der Spuy (regs) toe hy op 21 Junie geskiedenis gemaak het as die eerste Matie-verteenwoordiger met sitting in die US-Raad. By hom is dr David de Villiers, die Raadsvoorsitter.

seggenskap het in die neem van besluite wat hulle raak.

Studenteraadslede het ook reeds sitting in meer as 50 verskillende werkskomitees en daar dien 'n geruime tyd al studentelede in die onderskeie fakulteitsrade.

Die SR-voorsitter, mnr André van der Spuy, het op 21 Junie geskiedenis gemaak toe by die eerste keer as Matie-verteenwoordiger 'n Raadsvergadering bygewoon het. Hy en die SR-ondervoorsitter, mnr Morné van der Merwe, dien sedert vroeër vanjaar in die Senaat.

[M]

Burgemeester op besoek

Kaapstad se burgemeester, raadsheer Frank van der Velde en twee uitvoerende komiteelede van dié stadsraad het die Universiteit as gastel van prof Andreas van Wyk, Rektor en Visekanselier, besoek. Hier by geleenthed is raadslid Neil Ross, raadsheer van der Velde, prof Van Wyk en raadsheer Leon Markovitz.



Altesaam 18,2% van die 2 786 eerstejaarstudente wat vanjaar aan die Universiteit ingeskryf het, het 'n A-simbool - gemiddeld 80% en hoër - in hul skoolindeksamen behaal. Dit is selfs nog hoër as die 16,8% van verlede jaar se eerstejaars wat met 'n A-gemiddeld gematrikuleer het.

Van vanjaar se eerstejaars het 27,8% 'n B-gemiddeld (minstens 70%) en 34,2% 'n C-gemiddeld (minstens 60%) in hul matriekindeksamens behaal. Dit beteken dat 80,2% van die eerstejaars met 'n A-, B- of C-gemiddeld gematrikuleer het - feitlik dieselfde as die 80,3% van 1992 se eerstejaar-Maties.

Die Universiteit het vanjaar 14 387 studente. Dit is 105 minder as verlede jaar. Altesaam 4 021 Maties

18,2% van eerstejaars het matriek met A geslaag

studeer vanjaar nagraads. Dit is 27,9% van die totale studentetal teenoor 27,6% verlede jaar.

Hierdie syfers word teen die middel van Junie bepaal - die vasgestelde sensusdag waarop alle universiteite hul studentgetalle vir die jaar moet bereken. Dié amptelike jaarsyfer word onder meer vir subsidiedoeleindes vir die komende jaar gebruik.

Die Fakulteit Handel en Administrasie is met 3 659 studente vir die derde jaar sedert 1991 die grootste van die US se 12 fakulteite.

Lettere en Wysbegeerte, met 3 240 studente, is weer eens die tweede grootste. Dié fakulteit het vanjaar 164 studente minder as verlede jaar. Handel en Administrasie het 105 studente minder as in 1992.

Bykans die helfte van alle Maties (altesaam 47,9%) studeer dus in dié twee fakulteite.

Die derde grootste fakulteit is Geneeskunde met 2 027 studente (drie minder as in 1992). Dit sluit paramediese kursusse soos Verpleging in. Ingenieurswese met 1 438

(66 meer as in 1992) is die vierde grootste fakulteit. Natuurwetenskappe met 1 405 (109 meer as verlede jaar) is die vyfde grootste.

Die ander sewe fakulteite se getalle (met 1992 s'n tussen hakies) is: Opvoedkunde 775 (740), Landbouwetenskappe 583 (602), Regsgeleerdheid 368 (370), Tandheelkunde 271 (264), Teologie 216 (220), Krygskunde 205 (206) en Bosbou 200 (221).

Die taalverspreiding op die campus is feitlik dieselfde as in die afgelope aantal jare. Altesaam 77,1% van die Maties se huistaal is Afrikaans; 17,5% s'n is Engels; en 2,2% het Afrikaans en Engels as huistale. Die volgende grootste taalgroep onder die Maties is Duitssprekendes, nl. 1,9% van die studentebevolking.

[M]

Rekeningkunde-Maties presteer in SA en oorsee

Onder vanjaar se kandidate vir die kwalifiserende eksamen van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad (OROR) het dié wat hul rekeningkunde-honneursgrade - 'n vereiste vir die eksamen - aan die US behaal het, die beste gevaar. Vyftien universiteite het kandidate vir die eksamen gelewer.

Die US-Rekeningkundedepartement is ook nou die Suid-Afrikaanse sentrum wat die meeste kandidate vir die wêreldwyre kwalifiserende eksamen van die Instituut van Kosten en Bestuursrekenmeesters (bekend as die CIMA-kwalifikasie) voorberei.

Vanjaar het die OROR die eerste keer vereis dat sy eksamen se twee afdelings elkeen afsonderlik geslaag word. Die saamgevoegde en afsonderlike resultaat toon dat Stellenbosch vanjaar die hoogste gemiddelde punte van die 15 deelnemende universiteite behaal het.

Die Stellenbosch-kandidate se hoë gehalte blyk ook daaruit dat hulle die hoogste gemiddelde punt in elke afdeling van die eksamen behaal het. Altesaam 94% (teenoor 'n landwye gemiddelde van 80%) in die rekeningkunde-afdeling en 65% (teenoor 'n landwye gemiddeld van 53%) in die oudikunde-afdeling het geslaag.

Prof Johann Matthee, voorsitter van die Departement Rekeningkunde, sê dit is veral ook verblywend dat die aantal suksesvolle kandidate wat aan die US gestudeer het in die afgelope vier jaar verdubbel het.

"Hoewel Suid-Afrika nie nou 'n tekort aan leerling-rekenmeesters het nie, kan daar steeds nie aan die rekenmeestersberoep se vraag na Stellenbosch-produkte voldoen word nie."

Die departement berei sedert 1988 kandidate voor vir die CIMA-



Prof Andreas van Wyk, Rektor en Visekanselier (derde van links) en die Voorsitter van die Departement Rekeningkunde, prof Johann Matthee (middel) by verteenwoordigers van die ouditeursfirmas wat vir die inrig van die departement se nuwe raadsaal bygedra het, met die inwyding van die saal. Die verteenwoordigers van die ouditeursfirmas is, van links, mnr Herman Wessels van Coopers & Lybrand, Philip Strachan van Ernst & Young, Lester Cotton van Deloitte & Touche, Oscar de Vries van Greenwoods en EA Belstead van Aiken & Peat



Mej Ilani Cronje - toppresteerd van die 1992-B.Rek-honneursklas. Sy het twee medaljes van die Kaapse Genootskap van Geoktrooierde Rekenmeesters verower, het landwyd vyfde beste gevaar in die Openbare Rekenmeesters en Ouditeursraad se nasionale kwalifiserende eksamen vroeër vanjaar en het ook die Fakulteit Handel en Administrasie se gote CGW Schumann-medalje as beste student van 1992 ontvang.

eksamen. Die eindeksamen word twee keer per jaar, in Mei en November, afgelê. Oud-Maties wat die vorige jaar Hons.B.Comm.-grade in Bestuursrekeningkunde ontvang het, kan die eksamen aflê.

Ook hier is die Oud-Maties topresteerders. In die vier jaar tot 1992 (vanjaar se uitslae was met die skryf hiervan nog nie beskikbaar nie) was die Oud-Maties se deursnee-slaagsyfer 87% terwyl dit wêreldwyd slegs 36% was. Die Oud-Maties het in 1989 en 1990 'n 100%-slaagsyfer gehad, met 'n 73%-gemiddelde slaagsyfer in 1991 en gemiddeld 89% in 1992.

By die departement se prysuitdeling vir sy 1992-presteerders vroeër vanjaar was dit opvallend hoe die vrouestudente uitgeblink het. Mej Ilani Cronje het twee medaljes (vir oudikunde en vir belasting) van die Kaapse Genootskap vir Geoktrooierde Rekenmeesters ontvang, asook Coopers & Lybrand se prys vir die beste Hons.B.Rek.-student. Sy het ook in die rekeningkunde-afdeling van die OROR se kwalifiserende eksamen vroeër vanjaar die vyfde beste plek in die land beklee en het die Fakulteit Handel en Administrasie se CGW Schumann-medalje as 1992 se beste student verower.

Coopers & Lybrand se prys vir die drie beste derdejaarstudente verlede jaar het almal aan vroue (mejj Sarine Barnard, Riana Kogelenberg en Hanneke Blomerus) gegaan.

Nog 'n oudifirma, Deloitte & Touche, en 'n uitgewery, Butterworth, se verteenwoordigers het by die prysuitdeling 'n beurs, asook 'n boek- en ander prysie oorhandig.

Lede van die rekenmeestersprofessie het ook ruim bygedra vir die inrig van 'n raadsaal wat vroeër vanjaar in die departement ingewy is.

Neelsie kry 'n nuwe baadjie

Dié besluit volg op maande van onderhandelinge, onder meer met potensiële huurders en beleggers in die privaatsktor. Die Departement Bedryfsekonomie het ook 'n ondersoek op die kampus gedoen om vas te stel wat die behoeftes van studentegebruikers van die sentrum is.

Mnr Willem Roos, hoof van Beplanning aan die US, sê die veranderinge wat beoog word, behoort die huidige tekortkominge en bedryfsprobleme wat met die sentrum ondervind word, grootliks uit te skakel.

Van dié tekortkominge het ontstaan vanweë gebuiksbehoeftes wat deur die jare verander het, terwyl sommige reeds 'n probleem was sedert die sentrum in September 1975 die eerste keer geopen het. "Dit sluit onder meer in ontoereikende fasiliteite in die kitsarea, 'n somber en neerdrukkende atmosfeer vanweë die gebrekkige natuurlike verligting in die sentrum, onvoldoende sekuriteit, logistiese probleme met die aflewering en verspreiding van voor-

Die Langenboven-studentesentrum ("Neelsie") gaan net tot einde vanjaar in sy huidige vorm voortleef. Dit sal dan vir die hele 1994 gesluit word om in Januarie 1995 in sy herboude en deels geprivatiseerde vorm te heropen.



rade en met vullisverwydering, en probleme met voetganger-verkeervloei deur die sentrum."

Die US sal self die boukoste van sowat R13,5 miljoen dra, maar omdat 'n deel van die sentrum gekommer-sialiseer gaan word, sal dié koste

mettertyd deur verhuring verhaal word. Vaste huurkontrakte vir 'n termyn van drie jaar word beoog vir 'n aantal sakepersele in die sentrum.

Die Universiteit sal nie meer vir spyseniering en voedselvoorsiening in die sentrum verantwoordelik wees

nie. 'n Aantal kleiner voedsel-afset-punte wat 'n verskeidenheid van kossoorte sal voorsien, gaan die huidige groot kafeteria vervang. 'n Sentrale sitplekarea met 1 000 sitplekke sal dié verskillende afsetpunte bedien.

Daar sal ook 'n braairestaurant (160 sitplekke), 'n sosiale klub vir personeel ("faculty pub"), sosiale studenteklub, 'n koffiekroeg en 'n onthaalsaal wees asook snoeker-, tafeltennis-, TV- e.a. ontspanningsgeriewe.

Handelsgeriewe sluit onder meer in 'n boekwinkel, bank- en kitsbankgeriewe. 'n Algemene winkel (tydskrifte, lekkers, aandenkings, ens.), T-hempwinkel, apieke en fotoprosesseerde, haarkapper, was-sery, reisagentskap, twee flieke (118 en 99 sitplekke), sportwinkel en poskantoor.

Daar sal ook 'n ruimte vir 'n vlooimark en vir fotokopiërys, faks-en telefoonbediening wees.

Kantore vir die Studenteraad, Die Matie en Radio Matie en 'n aantal verenigings bly op die boonste verdieping van die sentrum.

M

Dis die 16de US-gebou wat 'herlewe'

Die Langenboven-studentesentrum gaan die 16de groot Universiteitsgebou wees wat sedert 1977 gerestoureer, heringerig of vernuwe word. Dit sluit in ses akademiese geboue, ses koshuise en die drie geboue van die sentrale Administrasie.

Die akademiese geboue wat vernuwe en heringerig is, is die Al Perold- en JS Marais-geboue, albei vir Landbouwetenskappe (wat in 1982 en 1987 vernuwe is), die Ou



Die Ou Hoofgebou, wat in 1986 gerestoureer is.

Hoofgebou (in sy eeufesjaar 1986), die Natuurwetenskappegebou (1988), die De Beersgebou vir Chemie (1991) en die Eben Döngessentrum (voorheen die ou Bloemhofskool, wat ook in 1991 heringerig is).

Dagbreek is in 1977 heringerig en vernuwe, Huis Visser in 1987, Huis Marais in 1989, Harmonie in 1990 en Monica verlede jaar. Helderberg word vanjaar herstel en opgeknap.

→



In 1982 is dele van die GG Cillie gebou (Opvoedkunde) heringerig. Huis ten Bosch is heeltemal opgeknapt nadat dit in 1983 deur 'n brand erg beskadig is. Simonsberg se kombuis is verlede jaar gemoderniseer en dié koshuis se eetsaalvloer is met 'n nuwe een vervang. 'n Deel van die Tandheelkundegebou is ook verlede jaar heringerig.

Die Universiteit se Bou-afdeling is of was vir byna al dié herinrig-



Die De Beersgebou vir Chemie.

vernuwings- en opknapwerk verantwoordelik. Die omvatendste was dié aan die Natuurwetenskappegebou en die De Beersgebou, wat elk meer as R7 miljoen bedra het.

Geboue wat nog vernuwe of heringerig moet word, sluit in die Merensky-gebou (Fisika), JH Neethlinggebou (Ou Landbougebou) en die koshuise Huis de Villiers, Huis van Niekerk (Sonop) en Simonsberg.

M

Studentedienste nou in ou biblioteekgebou

Sedert die Carnegie-gebou in 1938 vir die Universiteitsbiblioteekgebou opgerig is tot einde 1983 toe die biblioteek na die nuwe JS Gericke-biblioteekgebou verskuif het - was die Carnegie een van die bekendste geboue op die kampus. Van vanjaar af stroom daar weer duisende Maties deur dié gebou - nou bekend as Blok A van die Sentrale Administrasie.

Die gebou huisves nou die Registrateur en sy personeel, wat onder meer die afdelings Kursusse en Studenterekords insluit asook die Direkteur: Studentesake, wat o.m. die Afdeling Koshuisadministrasie insluit, en ook die Direkteur: Finansies en Dienste se Afdeling Studentegelde - alles op die boonste verdieping van die gebou, wat teen einde verlede jaar heringerig is. Die Reproduksie- en Bindafdeling en die Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys (Buvo) beslaan die onderste verdieping, wat reeds in 1985 herontwikkel is.

Buite lyk dit nog soos tevore - behalwe vir drie nuwe ingange: een noord, regoor die Natuurwetenskappegebou, een oos tot op die Jan Marais-plein en een suid deur 'n



Die voorportaal van die destydse Carnegie-biblioteek (bo) en soos dit nou lyk (onder) as deel van Blok A van die Sentrale Administrasie.



oorhoofse gang op die boonste verdieping wat dié gebou met die ou hoof-administrasiegebou (nou Blok B) verbind.

Binne is die eertydse Carnegie-biblioteekgebou nou lugtig en modern ingerig, met eikehoutafwerking en helderkleurige vloerteels. Die afdeling Studentegelde se groot banksaal vorm die middelpunt van die gebou.

Die meeste studentedienste was tot verlede jaar in Blok B, wat baie jare al heeltemal ontoereikend was. Die grootste deel daarvan is in 1932 voltooi en die res in 1960.

Die herinrigting van Blok B sal teen vroeg volgende jaar voltooi wees. Dit sal die Rektor en Vise-rektore se afdelings, die Raadsaal, Openbare Betrekkinge, US Stigting, Navorsingsadministrasie en die Direkteur: Finansies en Dienste met 'n deel van sy personeel huisves.

'n Deel van laasgenoemde afdeling asook Personeeladministrasie word gehuisves in Blok C (die eertydse Huishoudkundegebou wat tot onlangs as die Administrasie-anneks bekend was). Dit gaan volgende jaar heringerig word. Blokke B en C word deur 'n trappoortaal tussen-in met mekaar verbind.

M

'Mooiste saal op Stellenbosch' behou sy vloer

Simonsberg het nou 'n splinternuwe houtvloer, nes die oue wat die Simonsbergers sedert die koshuis se inwyding in 1956 geken het. Maar dit het amper-amper 'n betonvloer met vinieltels geword - as dit nie vir die inwonende hoof, dr Danie Schreuder, en ander lede van die Bond van Oud-Simonsbergers was nie.

Toe die Wit Huis se eetsaal en kombuis verlede jaar gemoderniseer moes word, het dr Schreuder tot sy ontsteltenis agtergekom dat die houtvloer vir altyd in die slag moes bly. Hy sê: "Ek wonder of enige volbloed-Simonsberger hom kan voorstel hoe ons geliefde eetsaal sal lyk met 'n betonvloer met teëls op!"

Dr Schreuder het koppe bymekaargesit met prof Jan de Bruyn, agetrede Viserekotor (Bedryf) en die eerste ere-Simonsberger. Sy opvolger, prof Andreas van Wyk, nou Rektor



Dr Danie Schreuder (links) saam met prof Felix Botha, oudste voormalige inwonende hoof van Simonsberg, en prof Jan de Bruyn, agetrede Viserekotor (Bedryf) en die eerste ere-Simonsberger, by 'n donateursbord van die koshuis waarop die name van Simonsberg se Plus 500 Klub-lede pryk, met plek vir dié wat vorentoe vir hierdie eer kan kwalifiseer. Die klubledle het elkeen minstens R500 vir die koshuisfonds geskenk. Die foto is geneem toe die donateursbord ingevoer is. Dit is gemaak van 'n balk uit die koshuis se ou houtvloer wat omlangs vervang is.

en Visekanselier en ook 'n ere-Simonsberger, het gehelp. Mnr Gys Steyn (Uitvoerende Direkteur van Rembrandt Groep en 'n US-Raadslid wat die koshuis se eerste primarius was) het gewaarsku dat die "oumanne" nooit so 'n skending van die koshuis sou toelaat nie! En nog 'n oud-Simonsberger, mnr Sarge van Zyl, wat deesdae 'n senior pos in die houtbedryf beklee, het gehelp en raad gegee.

Uiteindelik is beukehout, soos die oorspronklike vloer s'n, verkry - en selfs teen 'n laer koste as wat die beton-en-plastiekteëls sou gekos het.

"**n Mooi storie?** Julle moet die **vloer** kom kyk. Simonsberg se eetsaal is nog steeds die mooiste saal op Stellenbosch," spog dr Schreuder.


• Oud-Simonsbergers wat by die Bond wil aansluit, kan skryf aan Simonsberg-koshuis, Merrimanlaan 79, Stellenbosch, 7600. M

Academic in SA rock climbing team at World Cup final

Dr Steven Bradshaw, a senior lecturer in Chemical Engineering at the University, was included in the first South African team to take part in the final event of the International Union of Alpine Associations (UIAA) World Cup climbing competition series, which took place in Britain at the end of last year.

He was part of a three-man SA team, selected under the auspices of the Mountain Club of South Africa (MCSA). South Africa is affiliated to the UIAA through the MCSA.

Steven Bradshaw took up rock-climbing at the age of 17 in 1979, while he was an undergraduate student at the University of Natal in Durban. He has climbed extensively in South Africa. In May last year he was responsible for doing the first ascent of what could be South Africa's most difficult rock climb at present. "The Dream I Knew", at



Steven Bradshaw: competing in the World Cup final (left) and doing the ascent of what could be South Africa's most difficult rock climb, at Montagu

Montagu.

The World Cup series of six events is held annually, on indoor artificial walls, to decide the world champion. "It was our first experience at this level against the world's best competition climbers - many of whom are professionals," said Dr Bradshaw.

In Europe, where alpine climbing is quite popular, large sponsorships enable rock-climbers to pursue their sport professionally. In contrast, the three South Africans had to provide their own funds for travelling there and for competing in the World Cup final event.

Academic commitments meant

that he could compete in the final event of the series only. His teammates, Andy Davies and Evan Wiercx, took part in earlier events as well. The final event was decided on the artificial walls of an indoor arena in Birmingham, UK.

Each World Cup competition consists of quarter finals, semi-finals and finals - with each round being progressively more difficult. Progression to a next round is decided on the height attained. "In the final in Britain last year, I think only four made it from a total of about 70," said Dr Bradshaw.

"About two thirds of the field, including the South Africans, were eliminated in the quarter finals. The event was a tremendous experience from which I learned a great deal. Should the opportunity arise, I would very much like to represent South Africa again in the World Cup."

Akademie vereer Viserekotor, 4 professore

Prof Hennie Rossouw, wat einde vanjaar as Viserekotor (Akademies) afgree, asook drie US-professore en 'n agetrede professor het vanjaar toekennings van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang.

Die vereerde professore is Ferdinand Deist (hoof, Departement Ou Nabye Oosterse Studie), Hein Odendaal (hoof, Verloskunde en Ginekologie) en Sakkie Pretorius (Mikrobiologie). Prof Corné de Vries, wat einde 1992 as hoof, Departement Fundamentele en Historiese Opvoedkunde afgree het, is die ander vereerde.

Prof Rossouw het die NP van Wyk Louwprys ontvang, 'n Akademie-toekenning wat vanjaar vir die eerste keer verleen is. Dit word toegeken vir skeppende bydraes tot die ontgiving, organisasie en volghoue uitbouing van een of meer vertakings van die geesteswetenskappe, en wat as 'n wesenlike en belangrike bydrae tot die bevordering van die geesteswetenskappe beskou kan word. Dit is ook die eerste keer dat dié prys toegeken is.

Prof Deist, wat die Ds Pieter van Drimmelen-medalje vir die bevordering van Afrikaans op godsdiestige gebied ontvang het, is waarskynlik die mees gelese skrywer van populaire Afrikaanse godsdiestige literatuur. Hy het 'n groot getal boeke en ander publikasies op verskeie vlakke en gebiede die lig laat sien - van wetenskaplike handboeke en teksboeke vir studente tot godsdiestige literatuur vir die breë publiek.

Prof Odendaal het die Albert Strating-prys ontvang, wat toegeken word vir een of meer vertakings van voorkomende geneeskunde wat as 'n wesenlike bydrae tot die bevordering van die gesondheid van die samelewing en die voorkoming van siekte beskou kan word.

Prof Odendaal is bekroon vir sy spesiale bydrae tot die welsyn van moeders en hul babas - veral die voorkoming van komplikasies in



Prof Rossouw



Prof Odendaal



Prof Deist



Prof De Vries



Prof Pretorius



Marita van der Vyver

swangerskap en as gevolg daarvan die verlaging van die sterfesyfer onder moeders en ongebore babas. Hy is direkteur van die US-MNR Navorsingseenheid vir Perinatale Mortaliteit, en het 'n navorsingsprogram opgebou wat in Suid-Afrika en in die buitenland hoog aangeslaan word.

Prof Pretorius (36) is die jongste nog om die Havengaprys vir Landbouwetenskappe te ontvang. Dit is 'n prestigeprys wat jaarliks vir oorspronklike navorsing op natuurwetenskaplike en/of tegniese gebied toegeken word. Hy is bekroon vir sy vestiging van molekulêre gisgenetika as 'n wetenskap in Suid-Afrika. Dit is een van die aktueelste navorsingsrigtings ter wêreld en die mededinging op dié gebied is uiterst straf.

Prof De Vries het die Erepenning vir Wetenskaplike Vakbevordering in die geesteswetenskappe (universiteite) ontvang vir sy vol gehoue bydrae om die status van die opvoedingswetenskap uit te bou en sy leiding aan die onderwysprofessie in Suid-Afrika in 'n tyd van ongekende uitdagings.

• 'n Oud-Matjie wat vanjaar deur die Akademie vereer is, is die skryfster Marita van der Vyver, wat die Eugène Marais-prys vir Prosa ontvang vir haar werk *Griet skryf 'n sprokie*. Dié prys word vir 'n eerste van vroeë belletristiese werk toegeken.

Nog 'n Oud-Matjie wat vereer is, is mnr Jannie Gildenhuys, wat as toneelspeler en spelleier naam gemaak het en onder meer vroeër jare aan die US drama gedoseer het. Hy ontvang die Erepenning vir Verhoogkuns en Gerhard Beukes-prys.

'n Eregraduatus van die US wat vereer is, is prof JC de Villiers, van Kaapstad, wat die Erepenning van die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegniek ontvang het. Hy is 'n voormalige hoof van neurochirurgie aan die Universiteit van Kaapstad en die Groote Schuur-hospitaal en het in April vanjaar 'n eredoktorsgraad van die US ontvang.

M

Die US se warm hart in die Noorde

Vir baie jare al verteenwoordig die US se kantoor in Johannesburg die Universiteit onder Oud-Maties, voornemende Maties asook die sakewêreld in Transvaal.

Die kantoor, wat in Linden, Johannesburg geleë is, behartig 'n wye verskeidenheid US-belange.

Dié kantoor is baie voorname Maties se eerste kennismaking met die US. Aansoekvorms asook inligtingstukke oor kursusse en studierigtigs is hier beskikbaar. 'n Mens kan ook navrae doen oor losies, beurse en ander sake wat 'n voornemende Matie raak. Waar die Johannesburg-kantoor nie self verder kan help nie, bring hulle voorname studente en hul ouers met die regte mense op Stellenbosch in aanraking.

Personnel van die Eenheid vir Studentevoortligting besoek die kantoor een keer per jaar. Die kantoor reël ook dat voorname Maties met die Eenheid se personeel oor studie- en loopbaanmoontlikhede onderhoude voer.

Die kantoor neem ook saam met die Eenheid deel aan loopbaanuitstallings oral in die Noorde. 'n Personeellid van die kantoor besoek gereeld sowel skole as moontlik in



Die vier personeellede van die Universiteit se kantoor in Johannesburg, voor die kantoorgebou in Linden. Van links is mnr Piet de Klerk, assistentdirekteur van die US Stigting en bestuurder van dié kantoor; mnr Barry van der Merwe, senior skakelbeämpte by Openbare Betrekkinge, mev Louise Roggeband, sekretaresse, en mev Anelia Pretorius, senior skakelbeämpte by die US Stigting.

Transvaal. Op aanvraag van dié skole word video's en ander inligtingstukke oor die US beskikbaar gestel.

Transvaalse Maties word ook met vakansievlugte huis toe en terug gehelp. Die kantoor reël drie keer per jaar sulke vakansievlugte, vir sowat 100 studente op 'n keer - en teen spesiale tariewe. Daar word dan selfs spesiale busvervoer tussen Stellenbosch en die DF Malan-lughawe gereël. Die kantoor banteer self die betaling en besprekings vir dié spe-

siale vlugte

As 'n mens afgestudeer het, verteenwoordig die Johannesburg-kantoor steeds jou belang as Oud-Matie in die Noorde. Daar word gereeld reünies en ander saamtrekke gereël waar Oud-Maties kan blymekaarkom en hul bande met die Alma Mater verstewig.

Dit sluit ook fakulteits-, koshuis- of ander reünies in. 'n Matiedans word elke tweede jaar in die Johannesburg/Pretoria-omgewing

gehou om met die Matie-Tukkie-rugbykragmeting in Pretoria saam te val. Ander sosiale byeenkomste wat deur die kantoor gereël word, sluit in die gesellighede vir donateurs en vir eerstejaar-Maties se ouers.

Saam met die Transvaalse Oud-Maties-gholfklub reël die Transvaalse kantoor ongeveer elke ses weke 'n gholftoernooi - meestal teen ander universiteite se oudstudente. Een keer per jaar word 'n groot Oud-Maties-gholfdag in Johannesburg gereël, waarvoor borgskappe van maatskappye verkry word.

Een van die Johannesburg-kantoor se belangrikste take is die werf van fondse by Oud-Maties en maatskappye. Daarsonder sou baie van die Universiteit se studiebeurse, navorsingstoerusting, opleidingsgeriewe en ander hulpbronne nie beskikbaar gewees het nie. Die Johannesburg-kantoor speel 'n belangrike rol hierin, omdat hy geleë is in die hart van Suid-Afrika se mynbedryfs- en finansiële hoofstad en in 'n deel van die land waar daar 'n groot konsentrasie van Oud-Maties woon.

- Die Kantoor se adres is: 5de straat 54, Linden, Johannesburg; Posbus 48898, Rooseveltpark, 2129; tel. 011-7825569; faks 011-8883650.

M

Universiteit se begroting R242 miljoen

Die Universiteit se totale uitgawe het verlede jaar R242 878 000 bedra, teenoor sowat R213,59 miljoen in 1991. Dit blyk uit die Rektor en Visekanselier se 1992-jaarverslag wat in die tweede kwartaal vanjaar vrygestel is.

Die grootste gedeelte van verlede jaar se uitgawes was vir akademiese doeleindes, nl. R213 585 000. Die res was vir

koshuise (sowat R23,85 miljoen) en die Langenhoven-studentesentrum (sowat R5,44 miljoen).

Altesaam 55,5% van die uitgawes was vir onderrig en navorsing - R118 579 000. Aan die onderhoud van geboue en toerusting is byna

R19,72 miljoen (9,2% van die uitgawes) bestee en aan kapitaaluitgawes t.o.v. geboue en toerusting sowat R12,13 miljoen (5,7% van die totaal).

Die sentrale administrasie het sowat R16,79 (7,9%) gekos, die bib-

lioekdienste sowat R12,8 miljoen (6%) en rekenarisering sowat R8,94 miljoen (4,2%).

In 1992 het personeelvergoeding 75,6% van die lopende uitgawe bedra, teenoor 76,7% in 1991.

Volgens die jaarverslag het die grootste deel van die Universiteit se inkomste uit die subsidie vir algemene doeleindes gekom, nl. R133 848 000 (62,7% van die totale

inkomste) en 'n verdere R9 827 000 (4.6%) uit die subsidie vir spesifieke doeleindes. Onderriggeld het 23,7% van die inkomste ingebring (R50,63 miljoen). 'n Verdere R19 155 000 (9% van die totaal) is uit ander inkomstebonne verhaal.

Die Universiteit se koste per student het verlede jaar met sowat 14.8% toegeneem - van R12 934 per student in 1991 tot R14 845 in 1992. Tien jaar tevore, in 1982, was die koste per student R4 936.

Aan navorsing, wat volgens die

verslag in 1992 op 'n hoë vlak voortgegaan het, het die Universiteit verlede jaar R26,2 miljoen bestee. Byna R6,2 miljoen daarvan is deur privaatinstansies aan akademiese departemente en navorsingsinstansies van die US beskikbaar gestel.

Uit die staatsubsidie is ongeveer R3,5 miljoen vir regstreekse navorsing aangewend, waarvan R416 000 aan nagraadse beurse bestee is. Hierbenewens is meer as R3 miljoen deur verskillende instansies vir nagraadse beurse bewillig. Weens die

beperkte beurse van statutêre rade, moes die Universiteit in groter mate self vir beurse voorsiening maak. Die grondslag is ook in 1992 gelê vir 'n nagraadse beursleningskema met ingang 1993.

Die Universiteit het in die verslaagjaar altesaam 2 957 personeellede gehad. Dit sluit in 795 dosente (waarvan 212 professore), 66 navorsers, 83 uitvoerend/administratiewe personeellede, 99 spesialis-ondersteunende personeel, 482 administratief, 369 tegnies, 972 dienswerkers asook 91

vak- en ambagslui.

Aan die einde van 1992 was daar 562 348 boeke in die Universiteitsbibliotheek en sy verskilende takke, teenoor 552 257 die vorige jaar. Die getal lopende tydskrifte het in 1992 gedaal van 6 872 tot 6 786 en die gebonde tydskrifte het van 253 298 in 1991 tot 266 843 in 1992 gestyg. Gedurende die verslaagjaar is daar ook 451 813 boeke en ander inligtingstukke deur die Biblioteekdienis uitgeleent.

[M]

'n Oud-Matie-kredietkaart bied nie net wêreldwyd al die voordele van 'n gewone of Goue MasterCard nie - dit stel Oud-Maties ook in staat om deur hul kaartaankope 'n direkte finansiële bydrae tot 'n aantal verdienstelike US-projekte te lewer - sonder dat dit hulle 'n sent ekstra kos.

Oud-Maties kan na eie keuse deur middel van hul kaartaankope 'n bydrae lewer tot een van vyf behoeftes wat hiervoor geïdentifiseer is: navorsing en algemeen, beurse en lenings, die Rugbyklub, ander sportklubs en die Universiteitskoor.

Oud-Matie-kredietkaarte is in samewerking met die Universiteitsverowerheid ontwikkel en op die nuwe kaartontwerp wat onlangs goedgekeur is, pryk die Universiteitswapen in kleur. Die US Goue MasterCard kredietkaart toon die Universiteitswapen in swart en goud.

Die gewone of Goue Oud-Matie-kaart word deur die volle diens en internasionale erkenning van MasterCard gerugsteun - en kan by meer as tien miljoen onderneemings wêreldwyd gebruik word.

Oud-Maties kry ook die voordeel van spesiale koerse wat

Met 'n Oud-Matie-kredietkaart help 'n mens die US



aan Oud-Matie-kredietkaarthouers gebied word. Besonderhede van gereelde afslagaanbiedings op goedere en ontspanningsaktiwiteite word elke paar maande direk aan alle Oud-Matie-kaarthouers gepos.

Ander voordele sluit onder andere in gratis reisversekering, beskerming teen bedrog en verlies in geval die kaart verlore raak en

kontantvoorskotte.

As jou rekening elke maand ten volle vereffen word, is krediet rentevry vir tot 55 dae. Andersins word rente teen 'n spesiale gunstige koers bereken. Op positiewe saldo's word rente teen spesiale spaarkoerse betaal.

Soos met enige ander kredietkaart kan die Oud-Matie-kaart vir

aankope, kontantvoorskotte of vir begrotingsrekeninge van tot 48 maande gebruik word. Krediet- en begrotingslimiete word inlyn met jou besondere vereistes en behoeftes daargestel.

Net in een opsig verskil die Oud-Matie-kaart van enige ander kredietkaart - Oud-Matie-kredietkaarte mag slegs uitgereik word aan iemand wat 'n graad of diploma aan die US verwerf het of wat 'n huidige personeellid is. Dit stel jou in staat om met trots te wys dat jy aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer het of daar werkzaam is. En terselfdertyd weet 'n mens dat jy deur die gebruik van jou kredietkaart ook help om 'n bydrae tot die Universiteit se baie behoeftes te lewer.

Doen sommer vandag nog aansoek vir jou eie Oud-Matie-kredietkaart op die aansoekvorm wat by hierdie uitgawe van Matieland ingesluit is. Voltooide aansoekvorms vir Oud-Matie-kredietkaarte kan by enige tak van United Bank, Volkskas Bank, Trust Bank of Allied Bank gelaat word, of gepos word na: ABSA Kaartafdeling, Posbus 3915, Pretoria, 0001.

[M]



FALOMI

100% COTTON

As u 'n Oud-Matie is...

is dit u kredietkaart.



U Oud-Matie kredietkaart ondersteun u Alma Mater finansieel en gee u terselfdertyd krediet omdat u die regte keuse maak.

Dubbele voordele

U en u universiteit trek voordeel uit u kredietkaart.

Vir die universiteit:

- 'n Finansiële bydrae word aan die Universiteit gemaak elke keer as 'n kaart uitgereik word of wanneer die kaart gebruik word.
- Elke keer as u iets met u kaart aankoop, dra u by tot die prestige van u universiteit.

Vir u:

- Voordele sluit in al die geriewe, dienste en internasionale aanvaarding van MasterCard.

- U kry gereeld 'n katalogus met unieke spesiale aanbiedings – afslag op goedere, dienste en ontspanningsaktiwiteite.
- U wys u steun vir u universiteit.

Gebruik die kredietkaart wat u verkie

Met al die voordele vir u en vir u universiteit, sal u vind u verkie om eerder die Oud-Matie kredietkaart te gebruik as enige ander kredietkaart wat u mag hê.

Vir diegene wat kwalifiseer is daar ook 'n Universiteit van Stellenbosch Goue MasterCard met talle bykomende voordele. Pos net die koepoen en u sal 'n brosjure en aansoekvorm kry.

As u 'n Oud-Matie is, dan is hierdie MasterCard u kredietkaart.



Pos hierdie koepoen aan: Universiteitskredietkaartprogram, Privaatsak X6, Fairland, 2030

JA! Stuur my asseblief 'n Oud-Matie kredietkaartaansoekvorm en brosjure.

Titel Voorletters Van

Adres

Poskode Tel nr: (W) Kode Taalvoorkur Afr Eng Ouderdom

ABSA Bank Beperk handeldrywend as: United Bank, Volkskas Bank, TrustBank en Allied Bank.


(ALUM)

Einde van die De Vries-era

US groet 'prof Mike'



Dieselfde gesig... terwyl die dekades aangeloop het: Mike de Vries as jong student in die tyfsterjare (links bo), as jong US-dosent in



die sestigerjare (regs bo) en as Rektor en Visekanselier in sy akademiese drag in 1992 (links).

Prof Mike de Vries het aan die einde van Junie na presies 14 jaar as Rektor en Visekanselier afgetree. Sy verbintenis met die Universiteit strek 42 jaar terug, tot 1951 toe hy as eerstejaar-Matriculant aan die US begin studeer het.

Nadat prof De Vries sy beoogde uitrede reeds vroeër in 1992 bekend gemaak het, het Matieland (uitgawe 2:1992) 'n berig geplaas oor prof De Vries se uitsonderlike loopbaan as akademikus, dekaan, viserektor, Rektor vanaf 1979 en vanaf 1981 as die eerste Rektor wat ook Visekanselier was.

Hiermee werp Matieland 'n fotoblik op enkele grepe uit die loopbaan en lewe van oudrektor Michiel Josias de Vries



Prof De Vries was van jongs af 'n geesdriftige sportman. In sy matriekjaar, 1950, was hy (foto links bo) naaslinks voor as kaptein van die eerste rugbyspan van die Hoërskool Tradouw op Barrydale. En tien jaar later was hy (regs bo) kaptein van die



krieketklub by die Elsenburg-landboukollege waar hy toe gewerk het en ook vir die eerste rugbyspan uitgedraf het. Hy het die volgende jaar lektor in chemie aan die US geword. In sy 14 jaar as Rektor en Visekanselier het prof De Vries graag op die gholf-



baan ontspan, soos hier (foto middel bo) waar hy (beel regs op die foto) saam met sy spanmaats in 'n wedstryd teen die Oud-Tukkies gespeel het. Hy is baie fiks en stap al baie jare lank gereeld verskeie kere per week die bergpad op Coetzenburg.



Bande met die verlede en die bede. Heel links bo ontvang 'n jong Mike de Vries in 1955 sy M.Sc.-graad in chemie van die destydse US-Kanselier, dr DF Malan. Heel regs bo word hy in 1979 met sy inbulding as Rektor gelukgewens deur dr John Vorster, wat toe die Kanselier was. Links bo: Prof De Vries by dr Kosie Gericke, wat van 1953 tot sy dood in 1981 Visekanselier was. Prof De Vries het toe die eerste Rektor geword om ook die amp van Visekanselier te beklee. In die middel bo is hy by prof Jannie de Villiers, wat gedurende 1970-'79 Rektor was, en prof HB Thom, wat gedurende 1955-'69 Rektor was en tot sy dood in November 1983 vir minder as 'n jaar die Kanselier was. Regs bo is prof De Vries op die afskeidsfunksie wat die Raad en Senaat op sy 60ste verjaardag op 5 Mei vanjaar vir hom aangebied het, tussen sy voorganger, prof Jannie de Villiers, en opvolger, prof Andreas van Wyk.



Sedert die begin van sy rektorskaps was die Universiteit se fondsinsameling vir prof De Vries uiters belangrik. Die instelling van die Stellenbosch 2000-fonds wat hy in Augustus 1980 aangekondig het, was dan ook een van die hoogtepunte van sy rektorstermyn. Hy is bier (foto bo) in 1986 saam met mnr Robert Plumbridge, destydse voorstitter en hoof-uitvoerende amptenaar van Goldfields of SA, toe daar bekend gemaak is dat dié mynmaatskappy R1 miljoen geskenk het om 'n nuwe Matie-koshuiskompleks op te rig. Dit was die grootste skenkking wat die US tot op daardie tydstip ontvang het.

Die Universiteit - en sy Rektor - is vanselfsprekend dikwels in die nuus. Tydens een van die talle media-onderhoude wat prof De Vries deur die jare gevoer het, is hy hier (links onder) voor die televisiekamera in gesprek met 'n Kaapstadse SAUK-nuusman, mnr Charl Pauw.





As die man aan die roer van 'n groot instelling ontmoet die Rektor en Visekanselier dikwels ander belangrike mense. Onder die talle belangrike besoekers wat prof De Vries deur die jare aan die Universiteit ontvang het, is oud-premiers Margaret Thatcher van Brilandje (regs bo) toe sy die Universiteit in 1991 besoek het en Pierre Trudeau van Kanada (regs bo) verlede jaar. In 1980 was daar ook (regs) 'n jong mnr John-John Kennedy, seun van die voormalige Amerikaanse president John F. Kennedy.




Links onder: In 1987 het prof De Vries saam met mnr Hj Yuang (links voor) 'n samewerkingsooreenkoms tussen die US en die Soen-Jat-Sen-universiteit in die Republiek van Sjina onderteken. Agter is daardie land se minister van opvoeding, mnr Lee Huan. Die ondertekening was in prof De Vries se kantoor.

Heel onder: Met sy uittrede was prof De Vries die Suid-Afrikaanse universiteitsrektor met die naaslangste dienstermyn. Hy is hier (middel voor) saam met sy kollegas van ander universiteite toe hy in 1986 die Komitee van Universiteitshoofde (KUH) se voorsitter was.

Regs bo is prof De Vries by die besaamde Suid-Afrikaans-gebore sir Laurens van der Post toe dié in 1990 onder groot belangstelling 'n prestige-lezing by die Universiteit aangebied het.regs onder is prof De Vries by die staalspresidentspaar, mev Marieke de Klerk en pres FW de Klerk, en hul dogter, mev Susan De Klerk, toe sy in 1991 as Matie haar B.Prim.Ed.-graad ontvang het.

Op kultuurgebied het prof De Vries 'n belangrike hydrae gelewer, onder meer as voorsitter van die beheerraad van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal wat aan die US gesetel is en buite die Universiteit as voorsitter van die direksie van die Langenboven-gedenkfonds wat vir die restourasie van Arbeidsgenot, die huis van C.J. Langenboven op Oudtsboorn, verantwoordelik is. Hy het ook 'n groot aandeel gehad aan die totstandkoming van die Eben Döngessentrum wat die Universiteitsmuseum en die Sasol Kun-



museum insluit. As Rektor en Visekanselier het hy gereeld prestigeuitvoerings deur die Universiteitskoor en die US-Strykensemble aangebied, soos met die Universiteit se 75ste verjaardag vroeër vanjaar. Hy is hier (in die middel links) by dié geleentheid saam met mej Acáma Fick wat vir baar laaste uitvoering as die Universiteitskoor se dirigent opgetree het en prof Eric Rycroft, dirigent van die US-Simfonie-orkes en -Strykensemble.

In die middel regs is prof De Vries op die US-afskiedsonthaal op 5 Mei vanjaar saam met sy vrou en hulle drie dogters: van links mev Lize van Dyk, mej Michelle de Vries, mev Renée de Vries en mev Terry Nel.

Prof De Vries het vier kleinkinders. Heel onder is hy met twee van hulle, Michiel van Dyk (wat na prof De Vries vernoem is) en sy sussie Renée, wat na mev De Vries vernoem is. □

Mev Renée de Vries (regs) is ook 'n Oud-Matjie. Sy en prof Mike de Vries het mekaar in hul studentedae op Stellenbosch ontmoet. Mev De Vries se pa, wyle dr Phil Weber, wat ook 'n Oud-Matjie was, het lank in die US-Raad gedien en het in 1970 'n eredoktorsgraad van die US ontvang. Dr Weber was redakteur van *Die Burger* in Kaapstad en later die direksievoorsitter van Nasionale Pers.

Wanneer die Kanselier nie by gradeplegtighede kon optree nie, het prof De Vries as Visekanselier die funksie verrig. Onder die duisende Maties wie se grade by deur die jare



Van die hoogtepunte wat die Universiteit beleef het in die 14 jaar sedert prof De Vries in 1979 die leiding oorgeneem het, sluit die volgende in:

- Die Stellenbosch 2000-fonds is in Augustus 1980 deur prof De Vries aangekondig. Die mikpunt was R20 miljoen teen die jaar 2000. Dit is twee keer opgeskuif en teen die einde van verlede jaar was meer as R61,1 miljoen van die huidige mikpunt van R100 miljoen reeds ingesamel.

• Prof De Vries het die bevordering van navorsing en van nagraadse opleiding sterk beklemtoon as die belangrikste redes vir die Stellenbosch 2000-fonds.

Die persentasie nagraadse studente het gestyg tot 28% van die totale studentebevolking - wat een van die heel hoogstes in die land is.

Op navorsingsgebied is 'n Direkteur: Navorsing onder meer in 1984 vir die eerste keer aan die US ingestel. Verlede jaar het die Universiteit R26,2 miljoen aan navorsing bestee, teenoor R2,34 miljoen in 1979. In 1978 is 'n vyfjaar-aksieplan vir navorsing aanvaar,

wat verlede jaar in oorleg met die navorsingsgemeenskap geëvalueer is, en wat weer daartoe geleid het dat 'n nuwe aksieplan vanjaar na intensiewe oorleg met US-navorsers afgerrond sal word.

- Prof De Vries het dikwels beklemtoon hoe belangrik dit is dat die US 'n gehalte-universiteit moet wees - wat ook weerspieël moet word in die akademiese gehalte van die studente wat aan die US kom studeer. 'n Pos van Viserektor (Akademies) is in 1985 vir die eerste keer ingestel. Die toelatings- en her-toelatingsvereistes aan die US is ook in prof De Vries se rektortermyn opgeskuif.

In 'n toespraak (voor die US-konvokasie, 1992) het prof De Vries gesê: "As 'n universiteit met 'n nuwelinginname waarvan 82,6% 'n C-gemiddeld of hoër in die matriku-

lasie-eksamen behaal het (die volgende universiteit op so 'n lys in Suid-Afrika is by 50%) is ons tog reeds... die Oxford, Cambridge of Harvard van Afrika en moet ons sorg dat ons daar bly.

- Gehalte-onderrig word ook bevorder deur die instelling van die Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys (Buvo) in 1983.

- o Direkteure (met professorale status) is (naas dié vir Navorsing en Buvo) onder meer ook ingestel vir Informasietegnologie, Personnel, Bibliotekdienste, Studentesake en die Universiteitsmuseum.

- 'n Derde Universiteits-proefplaas, Bonterivier, is aangeskaf.

- 'n Nuwe Universiteitsbiblioteek is in 1984 in gebruik geneem. Dit is sentraal geleë onder die Jan Marais-plein en beskik oor van die voortrefflikste

verleen het, is sy tweede oudste dogter, mej Terry de Vries, nou mev Nel van Kaapstad (onder) wat hier in 1986 haar honneursgraad in die joernalistiek *cum laude* ontvang het. Sy het vroeër B.Sc.Agric. aan die US behaal.

Prof De Vries se oudste dogter, mej Lize van Dyk, het B.Sc. en B.Ed. behaal en is getroud met Oud-Matjie mntr Koos van Dyk. Hulle woon in die Strand. Die jongste De Vries-dogter, Michelle, het verlede jaar B.Ing. in elektroniese ingenieurswese met lof verwerf en is nou 'n M.Ing-student.

geriewe denkbaar.

- In 1991 is 'n nuwe Universiteitsmuseum - wat die Sasol-kunsmuseum insluit - in 'n gerestoureerde, eertydse skoolgebou in Ryneveldstraat in gebruik geneem.

- Nog nuwe geboue sedert 1979 sluit in dié vir Chemiese en Metallurgiese Ingenieurswese en die Danie Craven-stadion (1979), BJ Vorstergebou (vir Lettere en Wysbegeerte, 1980), JC Smutsgebou (vir die Biologiese Wetenskappe, 1980), Polymeerwetenskappe (1982), Huis Macdonald (1985), die Goldfields-koshuiskompleks (1986), die gebou vir die Bestuurskool (die eerste op die nuwe Bellvillepark-kampus, 1987), die gebou van die Buro vir Stelselingenieurswese in Tegnorpark, Stellenbosch, asook die nuwe US-Seminaarsentrum buite Stellenbosch (albei in 1988). 'n nuwe studentebehuisingseenheid op Bellvillepark (1990) en die nuwe Tygerberg-studentesentrum (1991).

- Ses akademiese geboue, ses Universiteitskoshuise en die eertydse Carnegie-biblioteekgebou is ook omvattend gerestoureer en vernuwe (Lees die berigte hieroor op bl. 7-8).

[M]

Off-campus projects for Western Cape teachers

Since 1991 teachers of physical science and mathematics in township schools in the Western Cape have attended workshops arranged and presented by the Institute for Mathematics and Science Teaching of the University of Stellenbosch (Imstus) at the St Francis Adult Education Centre in Langa.

A substantial grant of R234 000 from the Joint Education Trust for the financial year ending mid-1994 will enable the University and Imstus to extend the workshops to other communities of the Western Cape. Areas under consideration include those at Athlone, Parow, Worcester, Vredendal and George.

The Institute's Director, Mr Jan Nel, who manages these programmes for the support and development of mathematics and science teachers said: "We focus on the teachers, as the potential agents for major improvements in the image of these subjects which are so vitally important in our technological society."

"Students with potential in mathematics and the sciences from all communities have often failed because of conceptual problems related to the ineffective teaching of these subjects" he said.



Members of the Advisory Committee on Mathematics workshops for the Cape Flats at one of their regular meetings at IMSTUS in Stellenbosch. From left: Messrs Eric Magodla (Joe Slovo Comp School), Mbulelo Komani (Lublaza Sec School), Ms Angela Featherstone (Lagunya High School), Mr Willy Maliva (Intlanganiso School), Ms Bulelwa Njoli (Stembele Matiso School), Prof Arthur Noble (project leader), Jan Nel (manager of projects), Ms Val Qobo (I.D. Mkize Sec School), Mr Charlie Khati (Isilimelo Sec School), Mr Mike Cameron (Maths Advisor) and Ms Tonnie (Stembele Matiso School).

The draft material produced to present these workshops will be rewritten and recycled into four series of *Comprehensive Guides for Mathematics and Science Teachers of South Africa*.

According to Mr Nel, teacher education is a very rewarding venture. He sees it as an imperative that all teachers of these subjects are given access to the support and development programmes that the University and IMSTUS have been offering over many years.

There is an urgent need for qualified and experienced practising and non-practising teachers of these subjects to become part of the teams presenting the workshops and writing the teachers' guides. The experiences of part-time presenters of the workshops like Prof Arthur Noble (formerly from Rhodes University), Dr Koos Brink, Mrs Johlene de Villiers and Mr Nel himself will be available to newcomers. Teachers or lecturers who are interested, can contact Mr Nel at Imstus (02231-773483).

Two grants of R25 000 each from the Olthaver Trust were used to initiate these projects and to do the spade work in preparing the *Comprehensive Guides*. [M]

Taallaboratorium op 30 reg vir rekenaareeu

Die US-taallaboratorium is die eerste Suid-Afrikaanse instansie wat rekenaargesteunde taalonderrigmateriaal met 'n nuwe Europees pakket ontwikkel.

Die taallaboratorium - wat vandaar 30 jaar bestaan - het onlangs 'n nuwe laboratorium vir rekenaargesteunde taalonderrig (RGTO) in gebruik geneem.

Die nuwe RGTO-laboratorium het gespruit uit 'n klemverskuiwing na rekenaargesteunde onderrig wat in die tagtigerjare ingetree het. Sedert 1984 het die Komitee insake Taallaboratoria doelgerig RGTO-geriewe nagestreef en teen 1988 is daar reeds 'n deeglike ondersoek na

taalonderrigtegnologie gedoen.

Daar word nou deurentyd met die jongste tegnologiese ontwikkelinge tred gehou, terwyl taaldidaktiese aspekte ook aandag kry.

Vier taaldepartemente - Afrikaans en Nederlands, Afrikatale, Duits en Engels - benut die nuwe RGTO-laboratorium.

Die nuwe pakket waarmee die

laboratorium sy rekenaargesteunde onderrigprogramme ontwikkel, heet Authorware Professional for Windows. In Europa het dit al soveel inslag gevind dat dit feitlik as die norm vir taalonderrig beskou word.

Dit maak die gebruik van hoëgehalte-grafika, asook animasies-, klank- en selfs video-materiaal

moontlik.

Taalonderrig aan die US het 'n nuwe dimensie verkry, sê prof Bernard Lategan, dekaan van Lettere en Wysbegeerte en die voorsitter van die Komitee insake Taallaboratoria.

Die Taallaboratorium se bedryfshoof, mev Marianne de Wet, sê die ingebruikneming van die nuwe RGTO-laboratorium beklemtoon dat daar van ou onderrigmetodes na die nuwe fase van multimedia beweeg is. "In Mens kan dié rekenaargesteunde onderrigmetode in enige dissipline benut. Dis kreatief en die studente hou dus daarvan om dit te gebruik." [M]

Graadsertifikaat aan prof Ricoeur oorhandig

Prof Paul Ricoeur, die beroemde Franse filosoof aan wie die Universiteit op 2 April vanjaar 'n eredoktorsgraad in sy afwesigheid verleen het, se eregraadsertifikaat is in Parys deur 'n US-filosofiedosent, dr Johan Hattingh, aan hom oorhandig.

Die oorhandiging was op 'n klein informele seremonie - soos wat prof Ricoeur dit verkies het - by sy tuiste in Châtenay-Malabry aan die buitewyke van die Franse hoofstad. Prof Ricoeur en dr Hattingh se vrouens was ook teenwoordig.

Dr Hattingh was in Julie met studieverlof in Europa en is deur die Universiteitsowerheid gevra om die eregraadsertifikaat aan prof Ricoeur, wat in Februarie vanjaar 80 geword het, te gaan oorhandig.

Prof Ricoeur word as een van die grootste lewende filosofe beskou. Tot 1966 was hy vir sowat 'n dekade professor in filosofie aan die



Prof Paul Ricoeur met die boer waarin sy eredoktorsgraad-sertifikaat van die US is, voor sy huis in Parys waar dr Johan Hattingh (regs) die graadsertifikaat namens die Universiteit oorhandig het.

Sorbonne-universiteit. Hy was ook as besoekende professor aan verskeie van Amerika se top-universiteite, insluitende Yale, verbonde.

Die selfkritiese en selfvernuwende wyse waarop die ges-

teswetenskappe aan die US beoefen word, word direk toegeskryf aan die feit dat prof Ricoeur se filosofiese werke sedert die vroeë jare sestig op sistematiiese en volgehoue wyse deur dosente en studente op Stellenbosch

bestudeer is.

Prof Ricoeur het aan dr Hattingh gesê hoe baie hy dit waardeer dat die Universiteit 'n eredoktorsgraad aan hom verleen het. Dit is sy tiende eredoktorsgraad - en die eerste uit Afrika. Die vorige nege is van universiteite in Europa en Amerika.

Dr Hattingh sê prof Ricoeur het dit aan hom duidelik gestel dat sy besluit om 'n eredoktorsgraad van die US te aanvaar, vergemaklik is deur die wete dat die Universiteit op vele fronte aktief bygedra het en nog steeds bydra tot die afbreek van diskriminerende apartheidstrukture.

Prof Ricoeur en nog 'n buitelandse, die Amerikaanse Nobelpryswnener in die geneeskunde prof James D Watson, het saam met agt Suid-Afrikaners eredoktorsgrade ontvang op 'n spesiale gradeplegtigheid ter viering van die US se 75ste verjaardag sedert universiteitswording in 1918.

M

DIE IDEALE GESKENK VIR USELF EN U VRIENDE OORSEE!

STELLENBOSCH



COLEEN SCHWAGER & WALTERS KOFF

'n NUWE BOEK OOR STELLENBOSCH

Aantreklike kleurryke sagteband met 64 bladsye, meer as 100 pragtige kleurfoto's en ses interessant geskrewe, insiggewende hoofstukke oor die geskiedenis van die dorp, die Universiteit, landskap, natuurlewe, argitektuur en die wynbedryf.

Formaat: 24x21 cm

Beskikbaar in drie tale:

Afrikaans/Engels/Duits

Prys: R35-00

(BTW, pos en verpakking ingesluit)

Vermeld asb. watter taal u verkieks en stuur u gekruisde tjeuk aan:

Imago, Posbus 3034, 7599 Stellenbosch

"... a satisfying armchair ride through this gorgeous historic town." (Cosmopolitan)

"Hierdie boek sal aanklank vind by almal in wie se harte Stellenbosch 'n besondere plek inneem." (Die Burger)

Fisikamedalje vir US-akademikus

Dr Frikkie Scholtz van die Departement Fisika en van die Instituut vir Teoretiese Fisika (ITF) het die SA Instituut vir Fisika se Silwerjubileum-medalje vir 1993 ontvang tydens die instituut se 38ste jaarkongres op Stellenbosch.

Dit word elke tweede jaar aan 'n Suid-Afrikaanse fisikus jonger as 35 jaar vir uitstaande prestasies op die gebied van fisika toegeken. Prof Hendrik Geyer, direkteur van die ITF, was in 1987 die vorige US-akademikus wat die medalje ontvang het.

Dr Scholtz het sy doktorsgraad in 1986 - en al sy vorige universiteitskwalifikasies met lof - aan die US behaal. Sewe publikasies in voorste tydskrifte soos Nuclear Physics, Physical Review en Physics Letters het uit sy doktorale navorsing voortgevloei.

Hy het die John Todd Morrison-medalje, Porter Stipendium en Van der Horst-prys ontvang en was Suid-Afrika se verteenwoordiger van jong wetenskaplikes by 1985 se byeenkoms van Nobelpryswnners



in Duitsland.

In 1988 het die Alexander von Humboldt-stigting in Duitsland 'n stipendium aan hom toegeken om 'n jaar aan die Universiteit van Tübingen deur te bring - waar hy baie geslaagd met ander fisici saamgewerk het en waaruit vier publikasies voortgespruit het.

Op grond van sy indrukwekkende navorsingsrekord het hy reeds vanjaar die Stigting vir Navorsingsontwikkeling se gesogte Presidentsoekennings ontvang. [M]

Landbouwetenskappe vereer ouddekaan



Prof Louw (links) ontvang die geraamde oorkonde van prof Martin Hattingh, die huidige dekaan van Landbouwetenskappe.

Die Fakulteit van Landbouwetenskappe het 'n oorkonde aan prof Hennie Louw oorhandig ter erkenning van die uitstaande diens wat hy tot met sy afrede in 1990 as dosent en dekaan aan die fakulteit gelewer het.

Prof Louw was meer as 40 jaar as student en dosent aan die fakulteit verbonde. Nadat hy B.Sc. in Landbou in 1951 aan die US behaal het, het hy in 1952 'n dosent in die fakulteit geword. In 1955 het hy M.Sc. in Landbou met lof aan die US

behaal. Drie jaar later het hy in Aberdeen, Skotland, 'n doktorsgraad in die mikrobiologie verwerf.

In 1961 het hy professor in mikrobiologie geword. Sy dekaanskap vanaf Julie 1973 tot Desember 1990 was die langste ononderbroke termyn nog in dié fakulteit se bestaan.

Dit het as die vierde oudste van die US se 12 fakulteite reeds in 1917 aan die Victoria-kollege tot stand gekom - in die jaar voordat die kollege die Universiteit van Stellenbosch geword het.

SA Fisici byeen



Prof Andreas van Wyk (links) het in die afgelope wintervakansie die 38ste jaarkongres van die SA Instituut vir Fisika geopen. Dit was sy eerste openbare optrede nadat hy op 1 Julie die nuwe Rektor en Visekanselier geword het. By hom net na die kongresopening is prof Fritz Habne, Dekaan van Natuurwetenskappe wat ook die kongresvoorsitter was, en die vyf hoofsprekers by die kongres. Hulle is prof Pieter Stoker van Potchefstroom, prof Josef Speith van die Instituut vir Kernfisika in Julich, Duitsland, dr John Field van die Cavendish-laboratorium in Cambridge, Engeland, prof Von Volker Dose van die Max Planck Instituut vir Plasmafisika in Garching, Duitsland, en dr Michael Feast van die SA Astronomiese Observatorium in Kaapstad.

Kort nadat prof Louw in 1973 dekaan geword het, het hy op 'n bekwame wyse die leiding geneem om die fakulteit volkome onder die Universiteit in te skakel nadat dit voorheen administratief onder die Departement Landbou-tegniese Dienste geressorteer het. Die fakulteit se naamverandering van Landbou na Landbouwetenskappe het ook gedurende prof Louw se dekaanskap ingetree.

Volgens die oorkonde wat aan hom oorhandig is, sal prof Louw

"inderdaad as die grondlegger van die fakulteit in sy huidige vorm onthou word" en het hy in Suid-Afrika en in die buiteland 'n besondere bydrae tot die fakulteit se aansien gelewer.

Prof Louw word ook gehuldig vir "sy vriendelike, innemende en gelykmatige geardigheid, sy deeglikheid en hulpvaardigheid, onpartydigheid en geduld" waarmee hy as dosent en dekaan "n onuitwisbare indruk op studente en kollegas gemaak het." [M]

Oud-Matie Jannie Engelbrecht:

Van Coetzenburg tot 'Down Under' beïndruk hy

Sy bestuurstyl op die pas afgelope Springbokrugbytoer in Australië het wyd en ver die verbeelding aangegrep - en in milde mate vrugte afgewerp.

Oud-Matie Jannie Engelbrecht het as bestuurder van die Springbokke in Australië geslaag waar talle politici en sportbeamptes in die verlede ellendig gefaal het. Met flair en sjarme, diplomacie en takt, het hy al wat deur is vir die Bokke laat oopswaai. Die Aussies - ook hulle hiperkritiese nuusmedia - was gek na dié lenige, blonde Stellenbosse wynboer met die opvallende Weskus/Bolandse aksent en die ondeunde vonkel in sy deuriemende blou oë.

'n Banieropskrif in een van Australië se voorste koerante, The Canberra Times, het dit alles gesê: "Winning friends, and changing rugby's world" - verwysende na die Springbokke.

Nie net dié koerant nie, maar ook vele ander, asook beamptes en lede van die publiek, het die "Green Machine," soos die Bokke van '93 deur die Aussie-pers gedoop is bestempel as "the most likeable team to visit Australia."

Die kern van hierdie gewese

landboustudent van Maties - hy beskik oor 'n M.Sc.Agric. - se bestuurstyl is volle vertroue in sy spelers. Hulle belang word altyd vooropgestel. Hy stel dit so: "Op enige terrein van die lewe is jou mense jou grootste bate

en 'n suksesvolle sakeonderneming vereis puik fisiese beplanning, puik finansiële beplanning en puik delegering."

Hy het nog voor die toer begin het eerstehands "Down Under" gaan vassel hoe die hotelle lyk waarin die toerspan sou bly, die toerreëlings as sulks het hy persoonlik elke jota en titel nagegaan en die snit van sy spelers se uiters imposante en erg modieuze uitrustings, wat wyd gunstige kommentaar uitgelok het, was wat hy wou gehad het.

Maar die toets vir sy bestuurstyl was nie seepgladde toereëlings, voortrefflike hotelle of indruk-



wekkende voor-koms nie - dit was sy hantering van krisis-situasies en die nuusmedia.

Die nederaag teen Nieu Suid-Wallis was byvoorbeeld 'n krisis wat hy skitterend hanter het. Daar was geen onderlinge ver-

wyte en beskuldigings nie en provinsialisme onder die spelers het geensins kop uitgesteek nie. Saam met afrigator Ian McIntosh is die aangeleenthed kalm, rustig en taktvol beredeneer en uitgestryk - en 'n week later het die Bokke die Wallabies in die eerste toets geloof! Op soontegelyke wyse is etlike taaie situasies op toer ontloot.

Wat die nuusmedia betref, het Jannie Engelbrecht 'n beleid van openheid gehandhaaf. Spelers is nie - soos in ander jare - verbied om met die pers te praat nie en hyself was ten alle tye beskikbaar om hulle te woord te staan. En sy lekker humorsin was in hierdie verband 'n

groot pluspunt. Dis g'n oordrywing om te sê dat hy tydens die toer die mediamense se liefpling was nie.

Op die tuisfront word vele verwagtinge van dié Oud-Matie, wat steeds Suid-Afrika se voorste driedrukker (44 in 67 wedstryde - hy't in 33 toetse gespeel) is, gekoester. Hy het as president van die Maties se rugbyklub in 'n kort tydjie reeds heelwat vermoe om Stellenbosch se rugby te laat herlewe en in talle kringe word hy as die toekomstige baas van WP-rugby beskou.

Die is aan Jannie Engelbrecht se bestuurstyl te danke dat die Springbokke bestempel is as die voorbeeldigste buitelandse span wat Australië nog besoek het. Springbok-rugby is in 'n proses van heropbou en sy visier is gerig op die heel grote: die kompetisie om die Wêreldebeker in 1995. Met Jannie Engelbrecht daar as administrateur, raadgewer en diplomaat kan dit net goed en al beter gaan. Wie weet, oor twee jaar kраai Springbok se kind misken kōning oor die res van die wêrelde. Met die wynboer van Rust en Vrede aan stuur van sake is so-iets baie, baie moontlik. Hou maar dop..

- Douglas Davis

M

Rugbyklub se 134ste Bok



Die Rugbyklub het drie van sy oudspelers en 'n huidige klublid in die onlangse Springbok-toerspan Australië toe gehad. Hulle is die Matie-slot Nico Wegner (beel links

bo) en drie oudspelers. agtman Tiaan Strauss, (bo) wat ook die Springbok-onderkaptein was, flank Deon Lotter (regs bo) en voorjyman Balie Swart (heel regs bo)

Strauss het vorige jaar toe hy in die Springbokspan na Frankryk en Engeland ingesluit is, reeds die 131ste Springbok geword wat 'n verbintenis met die Matie-rugbyklub

het. Wegner is die klub se 132ste Bok. Lotter is die 133ste en Swart die 134ste Springbok wat as speler of oudspeler deur die klub opgelewer is

M

Kanadees eer Hongaar met Matie-beurse

Die DP Pongracz-beursfonds wat onlangs aan die US ingestel is, het sy oorsprong in Hongarye en Kanada.

Dit is vernoem na Desiderius Pongracz, 'n Hongaarse edelman wat met die kommunistiese opstand in sy land deur die Rooi Leër gevange geneem is, maar in 1956 Oostenryk toe gevlug het en hom uiteindelik in Suid-Afrika kom vestig het.

Pongracz het hier spoedig 'n groot invloed op die wynbedryf begin uitoeft. Hy was 'n wingerd-kundige op Stellenbosch, by die Navorsingsinstituut vir Wingerdbou en Wynkunde (NIWW) en later by die Distillers Korporasie. Sy buitengewone kennis van druifkultivars en wyn was die teelaarde vir 'n hele vernuwing in die Kaapse wynbou. Mense wat hom goed geken het, sê hy het "n bykans magiese vermoë gehad om die nuwe in die bekende, die onverwagte in die alledaagse raak te sien."


Naas sy moedertaal, Hongaars, was hy ook Russies, Duits, Frans, Engels en Afrikaans magtig. En naas alles wat met die wynkuns te make gehad het, was sy groot voorliefde



Beethoven-musiek en sy ses wors-honde!

Hy is in 1984 skielik oorlede na 'n ongeluk op 'n plaas by Stellenbosch terwyl hy met 'n vragmotor vol druive na die parskuipe op pad was. Sy weduwee woon op Somerset-Wes. Die Bergkelder het na sy dood 'n vonkelwyn na mnr Pongracz vernoem.

Mnr Ronald C. Moyer is 'n 79-jarige wingerdbouer van Ontario,



Heel bo: Desiderius Pongracz - die Hongaarse edelman wat 'n groot invloed op die Kaapse wynbou kom uitoeft het.

Bo: Ronald C. Moyer - die Kanadees wat 'n Matie-beursfonds gestig het. Hy bou 'n bottel Pongracz-vonkelwyn vas.

Kanada, wat Suid-Afrika vroeër vanjaar vir die sewende keer besoek het. Op een van sy vorige besoeket het hy Pongracz ontmoet. Albei was liefhebbers van die wynbou en veterane van die Tweede Wêreldoorlog - en hulle het dus hegte vriende geword.

Mnr Moyer het ook goed bevriend geraak met dr Julius Laszlo, 'n boorling van Transsilvanië in die huidige Roemenië, wat onder die kommunistiese bewind daar weggevlug het en tot sy aartrede einde verlede jaar die Bergkelder se keldeemeester was.

As 'n belegging het mnr Moyer goeie wyn gekoop en dit in die Bergkelder se vinoteek laat verouder. In 1989 het hy 'n trust ter nagedagtenis aan sy ou vriend Pongracz geskep, met dr Laszlo as die enigste trustee. Die trustfonds het verlede jaar R42 000 sterker geword toe mnr Moyer sy wyn in die vinoteek laat verkoop en die opbrengs in die fonds laat stort het.

Hy het bepaal dat die opbrengs daarvan vir studiebeurse gebruik word - vir Maties wat in die wingerden wynkunde studeer.

[M]

In ander Afrikalande word daarna uitgesien om Suid-Afrika in die gemenebes van nasies terug te verwelkom, sê mnr Ivan Meyer, 'n lektor in die Departement Openbare en Ontwikkelingsbestuur, wat die besoek van 'n groep akademici na Oos- en Suider-Afrikalande geleei het om publieke administrasie in oënskou te neem. Die "Commonwealth Secretariat" het dié navorsingsprojek geborg.

Vyf akademici van die universiteite van Wes-Kaapland, die Noorde, die Witwatersrand en Zululand en van die Technikon Mangosuthu was saam met mnr Meyer. Hulle het Kenia, Tanzania, Zimbabwe, Botswana en

Dosent lei ondersoekspan na 5 Afrikalande



Namibië besoek.

Onderrigmetodes in dié vakgebied elders in Afrika is ondersoek, skakeling is met mede-akademici daar bewerkstellig en die invloed van regstellende optrede na onafhanklikwording is bestudeer. Hulle het veral inligting ingesamel oor die onderrigmetodes en leerplanontwerp in Publieke Administrasie wat op Suid-Afrika se behoeftes in die tydperk ná apartheid gerig is.

Die navorsingspan het universiteite, skole en ander instellings

waar administrasie- en bestursopleiding verskaf word asook verkieksings-kommissies en ministeries vir die openbare sektor besoek.

Mnr Meyer sê in die lande wat besoek is, was die klem na onafhanklikwording veral op Afrikanisering - terwyl die professionalisering van burokrasie en 'n sneller beweging na demokrasie nou eerder beklemtoon word. Die klem is nou veral op die opleiding van openbare bestuurders.

Byna alle lande in Oos- en Suider-Afrika verklein nou hul staatsdienste. Sosialisme word al hoe meer as iets van die verlede beskou en dus word mense al hoe meer aan die realiteit van 'n vryemark-economie blootgestel.

[M]


Bevorder en aangestel

Die Universiteit het twee nuwe heeltydse dekane, prof JP du Toit (Fakulteit Geneeskunde, in die plek van prof HP Wassermann wat einde 1992 afgetree het) en prof PW van der Walt (Fakulteit Ingenieurswese, in die plek van prof Christo Viljoen wat op 1 Julie Viserector (Bedryf) geword het).

Prof Du Toit, wat sedert 1984 mededekaan van Geneeskunde was, het aan die UK gestudeer en M.Med. in 1962 asook M.D. in 1985 aan die US behaal. Hy was voorheen professor in die Departement Verloskunde en Ginekologie asook hoof van die Eenheid vir Ginekologiese Onkologie en was ook as besoekende dosent aan die UP, UOVS en UK verbonde. In 1977-'78 is hy as die beste kliniese dosent aan die US se Geneeskundefakulteit aangewys.



Prof JP du Toit



Prof PW van der Walt



Prof A Archer

Prof Van der Walt het al sy universiteitskwalifikasies, waaronder B.Sc., B.Ing. en M.Ing. albei met lof asook Ph.D.(Ing.) in 1983 aan die US behaal. Hy is 'n US-dosent sedert 1971 en professor sedert 1980. In 1984 was hy Wes-Kaapse voorsitter

van die SA Instituut van Elektriese Ingenieurs.

Nog 'n senior aanstelling is dié van prof Arminius Archer, wat sedert 1988 Direkteur van die Bestuurskool was, as die nuwe Hoof van die Buitemuurse Afdeling vir

twee jaar. Hy het onlangs 'n diepgaande studie oor die ontwikkeling van die Buitemuurse Afdeling gedoen, is 'n Oud-Matric wat D.B.A. (1980) behaal het en was o.m. voorstander van die SA Vereniging van Nagraadse Bestuurskole.

Nuwe professore

Nuwe professore wat sedert vroeër vanjaar aan die US aangestel of bevorder is:

Prof E Rabe, wat sedert April 1991 as senior lektor aan die US aangestel is, het professor in Hortologie geword. Hy het B.Sc.Agric. en (met lof) Hons.B.Sc.Agric. aan die US behaal asook 'n meestergraad met lof aan die UP en 'n doktorsgraad aan die Universiteit van Kalifornië. Hy was o.m. produksienavorsingsbestuurder by die SA Koöp. Sitrusbeurs.

Prof JC Steyn, wat sedert vroeë 1992 medeprofessor in Fundamentele en Historiese Opvoedkunde was, het professor geword. Hy is 'n Oud-Matric wat sy doktorsgraad in 1980 aan die US behaal het en het ook aan Unisa gestudeer. Voor sy aanstelling aan die US in 1979 was hy aan die Onderwyserskollege Paarl verbonde.

Dr D Nel, senior lektor in bemarking aan die Aston-universiteit in Brittanje, word aan die begin van 1994 professor in Besigheidsbestuur en -Administrasie (rigting Bemar-

king). Hy het aan die UPE en die UP gestudeer en was voorheen aan die Vista-universiteit, die UP en die RAU verbonde.

Prof MG Erasmus, wat sedert 1979 as regsdosent aan die US verbonde is en sedert 1984 professor in Publiekreg (rigting Staatsreg en Volkereg) is, is sedert Julie oorgeplaas as professor in Publiekreg in die Harry Oppenheimer-leerstoel in Menseregte. Hy het aan die UOVS, die Tufts-universiteit in Boston, VSA, en die Universiteit van Leiden (waar hy sy doktorsgraad behaal het) gestudeer.

Prof CJB Greeff, wat sedert 1989 medeprofessor in Statistiek was, is tot professor bevorder. Hy het in Skotland en aan Unisa gestudeer en was voorheen onder meer aan die Universiteit van die Witwatersrand verbonde.

Medeprofessore

Nuwe medeprofessore aan die US sedert vroeër vanjaar sluit in:

Prof AD Beyers is as medeprofessor en eerste spesialis in Geneeskundige Fisiologie en

Biochemie aangestel. Hy het aan die US gestudeer en 'n doktorsgraad aan die Universiteit van Oxford behaal.

Prof A Schoonwinkel, wat sedert 1988 Direkteur van die Buro vir Stelselingenieurswese, US, was, het medeprofessor in Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese geword. Hy het aan die US gestudeer en sy Ph.D. in Stanford, VSA, behaal.

Dr AH Basson, wat 'n konsulerende ingenieur en lid van TF Design BK was, is as medeprofessor in Meganiese Ingenieurswese (rigting Meganiese Ontwerp) aangestel. Hy het as Oud-Matric sy Ph.D.-graad in Pennsylvania, VSA, behaal.

Dr I Cloete wat sedert 1985 aan die US verbonde is en sedert 1988 senior lektor was, het medeprofessor in Rekenaarwetenskap geword. Hy het aan die UOVS, Unisa en die Universiteit van Natal gestudeer en het Ph.D.(Ing.) aan die US behaal.

Dr GF Marais, hoofnavorsser, Instituut vir Biotechnologie sedert 1986, het medeprofessor in Genetika (rigting Planteteelt) geword. Hy is 'n Oud-Matric met twee doktorsgrade, van die Universiteit van Noord-Dakota, VSA, en van die US.

Dr GM Claassen word medeprofessor en hoof van die Departement Joernalistik. Hy het aan die UP en Unisa gestudeer en is sedert 1983 dosent in joernalistik en skakelwese aan die Pretoriase Technikon.

Dr WR Gevers is van senior lektor tot medeprofessor in Besigheidsbestuur en Administrasie bevorder. Nadat hy 'n meestersgraad in die ingenieurswese aan die Universiteit van Kaapstad behaal het, het hy aan die US Bestuurskool gestudeer en is sedert 1981 daar 'n dosent.

Dr B Axcell, navorsings- en ontwikkelingsbestuurder van die bierafdeling by SA Brouery, is vir drie jaar tot Junie 1996 as **besoekende medeprofessor** in Mikrobiologie aangestel.



Ereprofessore vanjaar aan die US is dr GJ Lourens, Bestuurder: Produkontwikkeling by Delta G. Scientific, wat vir die tweede jaar as ereprofessor in Chemie aangestel is, en mnr BP Gilbertson, uitvoerende voorsitter van Gencor Bpk asook 'n direkteur van die SA Reserwebank, wat as ereprofessor in Besig-

Ambassadeurs op besoek

Verskeie ambassadeurs wat hul lande in Suid-Afrika verteenwoordig, het die US onlangs besoek en onder meer die Rektor en Visekanselier, prof Andreas van Wyk, ontmoet. Hy is hier (links, foto bo) by die Duitse ambassadeurspaar, mev Sabine en dr Hans-Christian Uberschaer, en die



Rektorsvrou, mev Magdalene van Wyk. Links onder is sir Anthony Reeve, die Britse ambassadeur, tydens sy besoek saam met die aangewese Viserekotor (Akademies), prof Walter Claassen. Regs onder: Die Nederlandse ambassadeur, mnr Eduard Roëll saam met prof Van Wyk.



Ingenieurswese word 50

Die Fakulteit van Ingenieurswese vier sy halfeeu fees volgende jaar. Sy oudstudente gaan ook betrek word by die feesvieringe wat hiervoor beplan word. Daar word beoog om 'n spesiale gedenkbundel teen April beskikbaar te stel. 'n Opedag vir skoliere word ook vir April beoog.

Die fakulteit wil gedurende 13-15 Desember 1994 'n groot reünie hou - wat 'n besoekersdag en simposium sal insluit asook 'n dinne op die 14de, die dag voor die gradeplegtigheid waarop ingenieursgrade toegeken sal word.

Meer besonderhede sal mettertyd bekend gemaak word - in Matieland en deur brieue aan die oudstudente. Die fakulteit nooi hulle nou reeds om in hul beplanning vir 1994 die Ingenieurswese-halfeeu feesreünie in gedagte te hou. Om die fakulteit met sy reëlings te help, word dié oudstudente gevra om hul name, adresse, telefoon- en faksnommers asook besonderhede oor wanneer en met watter kwalifikasies hulle afgestudeer het, te stuur aan die Dekaan, Fakulteit Ingenieurswese, Universiteit. Privaatsak X5018, Stellenbosch, 7599.

Ingenieurs-das beskikbaar

Sedert 1980 kry elke Matie wat 'n B.Ing-graad verwerf 'n Ingenieursfakulteitsdas by die gradeplegtigheid. Dié vlootblou das het die Universiteitswapen op met die woorde "Ingenieurswese" daaronder.

In die ingenieurspraktyk het dit al 'n tradisie geword om dié das op Vrydae te dra, om 'n mens se Matieskap te beklemtoon.

Elke oudstudent van die fakulteit wat nie so 'n das het nie, kan dit teen R30 stuk (BTW en posgeld ingesluit) bestel by: Die Dekaan, Fakulteit Ingenieurswese, Universiteit, Privaatsak X5018, Stellenbosch, 7599. Tjeks moet aan die Universiteit van Stellenbosch uitgemaak word.

'n Ingenieurswese-weergawe van die draadgeweefde Oud-Maties-sakwagen, met "Ingenieurswese" i.p.v. "Oudstudent" bo-aan, kan bestel word by Pikkie Blommaert Mansuitrusters, Pleinstraat 61, Stellenbosch, 7600. Dié wagen is in vlootblou of donkerrooi beskikbaar.

M

heidsbestuur en Administrasie aangestel is.

Senior lektore

Aanstellings as en bevorderings tot **senior lektor** sedert vroeër vanjaar is dr A.J. van Reenen (Chemie, rigt-

ing Polimeerwetenskap), PW Crous (Plantpatologie), FD Mellett (Vee-kunde) en JAC Weideman (Wiskunde) asook mnre W Aldrich en KH von Leipzig (albei in Bedryfs-ingenieurswese), CJ de Villiers (Rekeningkunde) en PH Joubert (Besigheidsbestuur en -Admini-

strasie, rigting Bestuur van Tegnologie).

Nuwe **lektore** aan die US sluit in dr AF Russel en mej JA Crosson (albei in Oor-, Neus- en Keel-heelkunde, rigting Spraakheelkunde en Oudiologie), dr LL Beyers (Geneeskundige Fisiologie en

Biochemie) en dr S Moodley-Moore (Politieke Wetenskap), mej M-A Kemp (Algemene Taalwetenskap), mej E Lesch en mnre N Olivier (albei Sielkunde) asook mnre G Conradie (Elektriese en Elektroniese Ingénieurswese), M Dlali (Afrikatale) en HP Müller (Godsdienstkunde).

M

Van ons donateurs

Die verteenwoordigers van elf instansies wat vanjaar hydrae vir die US se nagraadse beursleningskema skenk, het die kampus onlangs besoek. Hulle is hier by die Rektor en Visekanselier, prof Andreas van Wyk (naaslinks voor), die Viserekotor: Bedryf. prof Hennie Rossouw (naasregs voor) en mnr André Hanekom (heel regs in die middel) van die Afdeling Beurse. Die verteenwoordigers (en hul instansies tussen hakies) is, voor: sir Richard Luyt (Mauerberger Foundation), mnr Cornelius Julius (Peninsula Beverage), mev HD Durand (Trust Bank) en mnr Alex McGregor (Molteno Brothers).

Vir Beursleningskema



Tweede ry: mnre Bennie Brand (Standard Bank) en C MacLachlan (Trust Bank), mev L Prosser (Syfrets) en prof LS Gillis (Mauerberger Foundation). Derde ry: mnr André Vosloo (Butterworth-Uitgewers), Johan du Toit (Du Toit Hugenotebeurs), Jannie de Waal (Standard Bank), DG Cloete (Syfrets) en Trevor Higgenbotham (Johnson & Johnson). Agter: mnre Michael Watermeyer (Molteno Brothers), Jan-Louis Raath (Ou Mutual), Vernon Beamish (Roy Beamish), Philip la Grange (La Grange Beurse) en Frank O'Driscoll (Molteno Brothers).

Vir Hortologie, Musiek

Die Molteno Brothers Trust het altesam R250 000 geskenk om twee beursfondse aan die Universiteit in te stel - vir nagraadse studie in hortologie en in musiek. Met die oorhandiging van die beurstjeks by die Universiteit was, van links, prof Reino Ottermann, Direkteur van die US Konservatorium, mnre Alex McGregor, Voorsitter, en Frank O'Driscoll, Hoofbestuurder van dié Trust, prof Gerhard Jacobs, Hoof van



die Departement Hortologie, dr Marius Huysamer van dié departement en mnre Michael Watermeyer, Ondervoorsitter van die Trust.

Altesam R150 000 word vir die Hortologie-beursfonds gebruik en R100 000 vir die Musiek-beursfonds. Uit die opbrengs daarvan sal jaarliks 'n beurs in elk van dié studierigtigs toegeken word. Dit heet die HA Molteno-beurse.

Hulp aan plakkars

Uskor het R20 000 van Pep Bpk ontvang, om agtergeblewe gemeenskappe en veral die mense in die plakkarskampe rondom Stellenbosch te help. Pep Bpk skenk reeds 'n dekade lank jaarliks R10 000 aan Uskor en het dié bedrag nou verhoog.



Hier met die tyekoorhandiging is mnre Tony Haughton (links) en Hennes Schreuder (regs) van Pep Bpk, prof Andreas van Wyk, Rektor en Visekanselier, en mev Helena Opperman, skakelbeampte van Uskor.

Omgewingsetiek

Die Laurens van der Post Stigting vir die Omgewing het met die ondersteuning van Protea Assuransie R10 000 aan die Universiteit toegeken vir die bevordering van die Eenheid vir Omgewingsetiek se bedrywighede. Die eenheid het vroeg verlede jaar onder die leiding van dr Johan Hattingh van die Departement Filosofie tot stand gekom, om navor-



sing te doen oor die etiese norme en die filosofiese veronderstellinge waarop 'n ontwikkelende Suid-Afrika sy hantering van omgewingsprobleme behoort te baseer. Sir Laurens (links) en dr Hattingh is hier by mnr Andrew Tainton, Besturende Direkteur van Protea Assuransie, met die oorhandiging van dié toekenning.

Kaap die Goeie Hoop Bank

Mnr Ulrich Fobian (links) en Kola Smith (regs), onderskeidelik Bestuurder: Openbare Betrekkinge en Areabestuurder van Kaap die Goeie Hoop Bank, het die bank se jaarlikse



skening - vir studierigtigs wat op die bankwese betrekking het - aan mnr Gerhard Loedolff van die US Stigting oorhandig.

Toestelle vir navorsing

Tek Toestelle het die nuutste reeks Defy-produkte vir navorsing aan die Departement Huishoudkunde geskenk. Met die oorhandiging was, van links, prof Ria van Wyk, Voorsitter van die departement,



mnr Koos Bezuidenhout (Bestuurder) en Dicky Post (Verkoopsbestuurder) van Tek Toestelle, en mej Nina Muller van die Departement Huishoudkunde.

Hane op Coetzenburg

To die Franse rugbyspan deur Suid-Afrika getoer het, het hulle die Universiteit besoek en een van hul oefeninge op Coetzenburg gebou. Die Hane se afriger, Pierre Berbizier, en die kaptein, Jean-Francois Tordo, is hier met dié besoek by Dawie Snyman, die US se rugby-organiseerder.

Foto: Anton Jordaan



Reünies



Citrusdal

Die Rektor en Visekanselier, prof Andreas van Wyk (regs. foto bo) wat die geleenthedspreker by 'n reünie op Citrusdal was, is hier saam met Boy Burger asook Stephen en Elsa Bresler. Ook by dié reünie was (foto regs bo) Martli Visser, Ronél van Zyl en Louise van Zyl (dogter van US-ekonomiedosent prof Sampie Terreblanche). Sowat 80 mense was by dié saamtrek. Nog van die reüniegangers daar was (regs) Jacques du Plessis, Kota Wessels, Gert Burger, Herman Fourie, Chris van Rooyen en Henk du Plessis.



1966-jokkelasters

Die vrouestudente van 1966 se jokkel-finalejaarsklas het op Stellenbosch reünie gehou. Hulle en hul dosente van destyds is hier by dié reünie-ete in die Langenhoven-studentesentrum. Voor (met nooiensvanne tussen hakies) is Gerda (Goosen) du Toit, Elsa (Marais) Louw, Wilma (van Graan) Uys, Marlene (Laubser) Giliomee en Anita (Walters) Robertson. Middel: oudosente dr Beatrice Wiid en mev Helen Steinwender, Berdine (Hauptfleisch) van der Mescht, prof Isabel Nel, dr JW Postma en Tess (Louw) Wolmarans. Agter: mn Jan Kelder, Ninon (St Arnaud) Carrington, Aneite (van der Merwe) Jones, prof Edith Katzenellenbogen en dr Hans van der Merwe.





Mosselbaai

Bo: By 'n saamtrek wat op Mosselbaai gehou is, was Charlie Munro, prof Kritzinger, asook Sybrand en Annatjie de Beer.

Gobabis

Twee Oud-Mattie-reünies is onlangs in Namibië gehou. By 'n vleisbraai in die Duitse klub op Gobabis was (foto regs bo) Johan Fechter, Direkteur van Openbare Betrekkinge, wat die geleenthedspreker was, saam met Boetie van Helsdingen asook At en Elza Vermeulen. Regs: Denzil Britz en Sonja en Dirk Louw was ook onder die reüniegangers op Gobabis.



Otjiwarongo

Die ander saamtrek in Namibië was op 'n gasteplaas by Otjiwarongo, wat bygewoon is deur Oud-Matties van dié omgewing en van Otavi, Outjo, Kamanjab en Omaruru. Onder die reüniegangers was (foto links bo) Theo en Corlia Borstlap en Lizette en Paul Jessen. Links onder: Andre en Tilla Pretorius by dié reünie, in gesprek met Johan Fechter, Direkteur van Openbare Betrekkinge, wat ook hier die geleenthedspreker was. Bo: Christo en Helena Brand en Kosie Symington was ook by die saamtrek op Otjiwarongo. M

IN MEMORIAM

Matieland het met leedwese verneem van die heengaan van die volgende US-personeellede, Oud-Maties, Maties en andere wat 'n verbintenis met die Universiteit gehad het.

Mnr Arthur Albertyn (78) van Bredasdorp voorheen van Stellenbosch; B- en M.Sc.Agric. (1940, '42).

Mnr AJ (Albie) Basson (67) van Stellenbosch; B.A., M.A. (1945, '48); was gedurende 1968-87 aan die US verbonde, eers aan die destydse Departement Ontwikkeling en tot sy aartrede as hoof van die Afdeling Toelating en Losies; voorheen koerantman in Kaapstad; verbonde aan Rembrandt op Stellenbosch en boer op Pikitberg; het vir die Maties eerstespan-rugby gespeel; ook vir die WP en vir Boland uitgedraf; het 20 jaar in die Rugbyklub se uitvoerende bestuur gedien; het Matie-spanne afgerig en was verskeie jare bestuurder van die eerste rugbyspan.

Prof AJ (Attie) Basson (56) van Bellville; B.Sc., Ph.D. (1961, '74); het ook aan Unisa gestudeer; was sedert 1962 aan die Universiteit van Wes-Kaapland verbonde waar hy in 1985 'n goue medalje vir voortrefflike diens as personeellid en as dosent ontvang het; het in 1988 die DF Malan-gedenkmedalje vir sy betrokkenheid by en lojale ondersteuning van die onderwys in die algemeen ontvang; en was sedert 1991 (na sy aartrede met vervroegde pensioen aan die UWK) as senior lektor in Chemie aan die US verbonde.

Mev IS Beukes (gebore Pretorius) (79) van Bloemfontein; B.A. (1933).

Mnr DH Blanckenberg (55) van Malmesbury, 'n donateur van die US, is vroeërt vanjaar oorlede. Vanweé 'n verwarring van sy gegewens met dié van sy seun wat dieselfde voorletters het, nl. Oud-Matie **dr DH Blanckenberg**, (25) (M.B.Ch.B., 1990) is per abuis in Matieland 1:1993 foutief berig dat laasgenoemde oorlede is.

Mnr SP Boshoff (48) van Kuijlrvier; wat as M.Ed.-student aan die US ingeskryf was; adjunkhoof (tegnies) aan die Hoërskool De Grendel.

Mnr MC Botha (80) van Pretoria; B.A. (1933); het ook 'n onderwysdiploma aan die Universiteit van Pretoria behaal en was nege jaar lank onderwyser; het in 1953 parlementslid vir Roodepoort geword; later adjunkminister en toe minister van Bantoe-administrasie en -Ontwikkeling; het ook die portefeuille Bantoe-onderwys bygekry en in dié pos gedien tot sy aartrede in 1978; het hom vir die toepassing van die tuislandbeleid beywer; Transkei asook Bophuthatswana het in sy termyn onafhanklik geword.

Mev Joey Brink (gebore van der Spuy) (81) van Stellenbosch; B.Sc., HOD (1931, '32); het ook aan Unisa gestudeer; was onderwyseres voor en na haar troue met ds Jan Brink wat leraar op Bredasdorp, Indwe en Van Wyksvlei was.

Mnr LA Chami (25); 'n vierdejaar-geneeskundestudent, wie se ouerhuis in Plattekloof, Parow is.

Mnr JF Cloete (23); 'n eerstejaar-B.Econ.-student wat in 'n motorongeluk dood is. Sy ouers is van Stellenberg, Bellville.

Mnr SC Conradie (50) van George; B.A., LL.B. (1966, '67)

Mnr Johan de Kock (52) van Unitaspark, Vereeniging; B.Sc., B.Ing. (1966).

Mnr TH de Villiers (86) van Upington; B.Comm., SOD (1928, '29); was onderwyser tot 1940, waarna hy tot die sakewêreld toetree het; was met sy dood die oudste Oud-Matie op Upington.

Mev C Dirkse van Schalkwyk (gebore Vos) (25) van Stellenbosch; B.Ing. (1990).

Mev SM du Plessis (gebore Esterhuizen) (85) van Ametis, die Strand; HPOD (1928).

Dr JJ du Toit (70) van Pretoria; B.Sc.Agric. (1943).

Ds Johann Els (45) van Stellenbosch; Hons.B.A., B.Th. en



Mnr Albie Basson

M.A. (1970, '72, '84); hoof van navorsing en ontwikkeling van Mfesane; was sedert 1974 leraar van die Evangelies-Gereformeerde Kerk in Afrika te Kaokoland en van die NG Kerk in Afrika te Grahamstad; het Mfesane se hoofkantoor van Kingwilliamstown na Kaapstad verskuif.

Mnr Cillié L Engelbrecht (42) van Welgemoed, Bellville; B.A., LL.B. (1973, '76); uitvoerende direkteur van die advertensiemaatskappy Pronam, waarvan hy in 1986 'n stigter was. Hy was voorheen aan verskeie ander groot advertensiemaatskappe in Kaapstad verbonde.

Mnr EH Engelbrecht (55) van Somerset-Wes; B.Sc. in Voedselwetenskap (1975).

Mev LR (Lettie) Fouché (gebore McDonald) (93) van Huis Altena in die Strand; het vanaf 1918 aan die US gestudeer; weduwee van die voormalige Staatspresident mnr Jim Fouché.

Mnr TM (Sakkie) Geyser (56) van Windhoek; B.A., SOD, B.Ed., Hoër Diploma in Bibl. (1957, '59, '61, '65) het ook op Graaff-Reinet en in Bloemfontein gestudeer. studiebeesoek aan Brittanje gebring en M.Ed. (UOVS) verwerf; was 'n geskiedenisonderwyser voordat hy hom op biblioteekkunde toegelê het; was dosent in biblioteekkunde aan die UOVS voordat hy as senior vakadviseur by die destydse Departement Nasionale Opvoeding aangesluit het;

het vernuwing in skoolbibliotheekkunde gehelp teweegbring en 'n leidende rol op dié gebied in Namibië gespeel.

Mnr DM Grey (78) van Pietermaritzburg; B.Sc. in Bosbou (1935).

Mnr AJ Greyling (50) van Randburg; B.A. (1964).

Mnr JJ Hough (74) van Verwoerdburg; B.Sc. (1940).

Mnr Abraham Kriel (63) van Stellenbosch; B.Sc.Agric. (1952); was tot sy aartrede meer as 20 jaar aan Stellenbosch-Boerewynmakery verbonde; het as voorryman in die vyftigerjare WP-rugby gespeel.

Mnr DJ Kritzinger (60) van Gordonsbaai, wat in die vroeë vyftigerjare aan die US gestudeer het.

Mnr CJ Lambrechts (51) van Piketberg; BA, MPA (1973, '79).

Mnr GF (Gawie) Liebenberg (67) van Montagu; B.Sc., SOD (1946, '47); was onderwyser op Groblershoop, Williston en De Doorns; daarna 20 jaar aan die Hoërskool Montagu waar hy in 1985 as departementshoof afgetree het.

Mnr CJ Lombaard (83) voorheen van Luckhoff, OVS, wat verlede jaar oorlede is; B.A. (1930); 'n oud-Dagbreker; het daarna op sy geboorteplaas naby Luckhoff geboer; was onder meer lank voorstander van die Suid-Vrystaatse Landbou- en Wolkwekers-Sirkel en van die Vrystaatse Landbou-unie se watersake-komitee asook ondervorsitter van die SA Landbou-unie se watersake-komitee; het vir sy lang dienslewering die OVS-landbou-unie se hoogste eerbewys in 1976 ontvang; is onder meer ook vereer vir sy leidende rol om die kanaal vanaf die PK le Roux-dam aan die OVS-kant van die Oranjerivier gebou te kry.

Mev AMJ Loots (gebore Malan) (80) van die Paarl; B.A. (1933).

Ds WJ (Willie) Lübbe (52) van Roodepoort; B.A., B.Th. (1960-'66); was as Matie onder meer 'n SR-lid, die primarius van PSO, ASB-voorsitter en redakteur van verskeie studen-

tepublikasies; was NG leraar van Meintjeskop en Kloofendal en het in verskeie sinodale kommissies gedien.

Mnr GJ (Pieter) Malherbe (51) van Kaapstad; B.A., LL.B. (1960-'64).

Mej Susanna Mettler (18), 'n B.A.-eerstejaarstudent in Maatskaplike Werk, wat in 'n motorongeluk oorlede is. Haar ouerhuis is op Keimoes.

Dr JT Meynhardt (64) van Pretoria; B- en M.Sc.Agric. (1951, '56).

Mnr PK (Pieter) Morkel (88) van Stellenbosch; B.Sc.Agric. (1927); was 'n onderwyser in die Paarl voor dat hy hom in 1941 op sy geboorteplaas by Stellenbosch as wynboer gevestig het, waar hy 'n kwarteeu later afgetree het; het vir die Maties eerstespan-rugby gespeel (onder meer saam met Danie Craven) en het in 1929 vir die eerste keer Springbokrugby gespeel; was een van die oudste oud-Springbokke.

Mnr Stef Nel (26) van Johannesburg; bekende rugbyspeler wat in 'n motorongeluk oorlede is; het vanaf 1986 vir die US se o.20 A-span en vanaf 1987 vir die Maties eerstespan gespeel en het gedurende 1989-'91 gereeld vir die WP uitgedraf.

Mnr Hofmeyr (Hoffie) Retief (73) van Malindi, Kenia; B.Sc., SOD, LO-diploma (1940, '41, '42); was onderwyser op Villiersdorp; daarna veldsoöloog by Nairobi, koringboer op die hooglande van Kenia en later 'n vrugteboer by Malindi.

Ds JLJ Snyman (62) van Warmbad; B.Sc., M.Sc. (albei met lof, 1947, '49).



Prof Attie Basson

Mev Hildegarde ("Bunny") Spottiswoode (gebore Morrison) (80) van Stellenbosch; was slegs 19 jaar oud toe sy in 1931 die eerste Matie-vrouestudent geword het om M.Sc. in wiskunde met lof te behaal; was die dogter van wyle prof JT Morrison wat professor in Fisika en later in Toegepaste Wiskunde aan die Victoriakollege en die US was; het 'n beurs verwerf om statistiek aan die Universiteit van Londen te studeer; was in 1966 se parlementêre verkiesing 'n kandidaat op Stellenbosch en het 'n boek, "SA: The road ahead" geredigeer.

Mev Hannelie Stewart (gebore Bremer) (27) van Johannesburg, voorheen van Bellville; B.A., LL.B. (1985-'89).

Mej Babette Taute (79), B.Sc. in Huish. (1935): het ook in dieetkunde en voedingsleer in Brittanje gestudeer; was senior huishoudkundige in die destydse Departement Landbou, in Pretoria en Kaapstad

asook op Stellenbosch. Deur haar ywer en liefde vir mooi handwerk het 'n groeiende paneel beoordelaarsesse in die SA Vroue-Landbou-unie tot stand gekom. Sy het lank in verskeie standaardiseringsskomitees van die SA Buro vir Standaarde gedien; was 'n kenner van ou Kaapse silwer en het gehelp met die opstel van 'n boek hieroor; en sy het 'n hoofstuk oor die geskiedenis van die SA kookkuns in "Ensiklopedie van Suider-Afrika" bygedra.

Mnr LI Toerien (76) van Stellenbosch; B.Sc. met ingenieursvlakte (1942); was dosent in Siviele Ingenieurswese aan die US gedurende 1948-'78.

Dr Andries P Treurnicht (71); B.A. (1941) en Kweekskoolopleiding; het sy doktorsgraad aan die Universiteit van Kaapstad behaal; was 'n lid van die Matie-Studenteraad asook voorsitter van die CSV en van die teologiese studentevereniging, Polumnia; NG leraar vanaf 1946, op Oudtshoorn en Stellenbosch asook in Rondebosch en Pretoria; Kerkbodesredakteur vanaf 1960; word assessor van die Algemene Sinode van die NG Kerk in 1966; verlaat die bediening in 1967 vir die redakteurskap van die destydse Pretoriase dagblad Hoofstad; word parlementslid vir Waterberg in 1971; word Adjunkminister van Bantoe-administrasie en -onderwys in 1976; word Minister van Openbare Werke en Toerisme (1979) en van Staatsadministrasie (1980); was Transvaalse leier van die Nasionale Party sedert 1978, maar

bedank in 1982 uit die Kabinet en was daarna tot sy dood hoofleier van die Konserwatiewe Party; is onder meer vereer met 'n medalje van die ASB (1967) en met die Dekorasie vir Voortreflike Diens (1982).

Mnr Hendrik MJ van Rensburg (72) van Wakkerstroom; B.Sc.Agric. (1944) nadat hy voorheen aan die Grootfonteinse Landboukollege gestudeer het; was 'n landbouvoortrigtingsbeampte voordat hy in 1949 in die Utrecht-distrik begin boer het; is vir sy toewyding aan die georganiseerde landbou vereer met 'n verdienste-sertifikaat en met erelewenslidmaatskap van die plaaslike boerevereniging.

Mnr WT (Willie) van Schalkwyk (74) van Gordonsbaai; vroeër van Pretoria; B.Comm. (1942); was o.m. organiserder van die Reddingsdaadbond en van Vleissentraal, en later bestuurder van die SA Saadbeurs.

Mnr JEM (James) Verwey (64) van Pretoria; B.A., SOD, M.A. (1948, '50, '55); Hoofdirekleur van openbare betrekkinge en ontwikkeling aan die Universiteit van Suid-Afrika; was voorheen aan die destydse Departement Ontwikkeling, US, verbond en was ook die eerste Direkteur van die SA Natuurstigting op Stellenbosch.

Mev A Zietsman (gebore Coetzee) (41) van Robertson; B.A. en Hons.B.A. in Maatskaplike Werk (1972, '73); vrou van Oud-Maties ds AJ Zietsman, voorheen van Swellendam.

[M]



Rektor uit Slowakië

Prof Juraj Svec (naaslinks), rektor van die Comenius-universiteit in Slowakië, en die viserektor van die universiteit, prof Igor Brezina (naarsregs), het die US onlangs besoek om skakeling tussen die twee universiteite te bewerkstellig. By bulle is prof Hennie Rossouw, Viserektor (Akademies), en sy aangewesene opvolger, prof Walter Claassen.

Mej Matieland-reünie

Die Karnavalkantoor versoek alle voormalige Mej Matieland of Matie-Joolkoninginne om 021-8083632 te skakel i.v.m. 'n reünie tydens die 1994-Matie-karnaval in Februarie volgende jaar.

Promosie-artikel

OUD-MATIE KOM SKOP NES OP STELLENBOSCH - DIE BESTE PLEK IN DIE WÊRELD



Soos paddastoele het koöperatiewe kelders en landgoedere in die omgewing verry's en hul deure vir die publiek oopgemaak. In dié voorreg wil ek nou ook kom deel.

Wat ek met minder vreugde aanskou, is die geweldige hoeveelheid motors op die dorp. Dis asof elke student deesdae motor-mobiel is. Ek onthou my eerste studentedaan van fiets ry, soos feitlik elke ander student gedoen het. Hoe meer dae, hoe meer motors ...

Bewaring op Stellenbosch is iets wat my verby. Kyk net hoe pragtig lyk Oom Samie se ou winkeltjie vandag, 'n ware paradysplek vir koop en kuier. En Dorpstraat in sy hele lengte is vir my amper mooier as wat ek dit onthou.

Een van die waardigste geboue bly maar die dorp se stadsaal, miskien omdat ek dit met 'n tikkie heimwee bekyk. Want hier het ons koshuisdans gehou, stywe arm en ook so 'n bietjie besadigde bop, waarvoor jou uitskoponderrok tog bedoel was. Ek is seker dit gaan vandag heelwat flinker, vinniger en donkerder by koshuisdans.

Maar die berge is nog daar, en die wandelpaaie, en plekke vir braai, laataand se kuier in 'n ongeëwenaarde omgewing. Studente wag nog vir akkers om op die kop te val (ai, tog jammer die Akker bestaan nie meer nie!), die gees bly jonk en vrolik, op Coetzenburg word rugby steeds gespeel, al is Dok nie meer daar nie.

Daar's steeds bloktyd en afskeid neem, en eerstejaars wat met groot

oë vir die eerste keer in die Eikestad aankom. Soos ek, soveel jaar gelede. En hier is ek nou, om weer deel te word van die dorp met sy pienke plesierigheid.

Die afgelope week het ek baie kon kyk en ná ek talle huise gesien het, het ek besef ek kan nie meer heeltemal deel van die gewoel in die hartjie van die dorp wees nie. Ek wil dit so nou en dan darem kan afskud. Ou huise in die dorp is buitendien 'n bietjie aan die duur kant - en in jou middeljare wil 'n vrou nie nog met voortdurende herstelwerk te doen hê nie.

My hart trek nou na 'n pragtige drieslaapkamer-huis net 5 km buite die dorp in die mooie Lieberheim. Die huis is een van 43 losstaande huise, elk met sy eie private en ommuurde tuin. Dit is gesellig en veilig, en tog het dit 'n gevoel van ruimte en oopheid.


Die uitbreiding is teen Paradyskloof geleë en jy kan Tafelberg op 'n helder dag oor die Vlakte sien troon. In die winter, so sê hulle, lê die sneeu snoesig op die Hottentots-Holland-reeks net agter my huisie. Nou is die veld egter 'n groen en pers fynbos-kombers.

Die gholfbaan is om die draai en my swakheid vir die spel kan ek nou vertroetel.

Nou weet ek my hart het Stellenbosch nooit gelos nie. Ek is terug om te bly, sowaar as vet!

Joan van Niekerk

'N VONKELENDE SALUUT OP 'N KENNER VAN DIE WYNSTOK



*D*esiderius Pongrácz. Van adellike inbors.

'n Vlugteling van die Hongaarse opstand. Sy visie was sy gawe. 'n "Derde" oog. 'n Bykans magiese vermoë om die nuwe in die bekende raak te sien – die onverwagte in die alledaagse. Vlug van begrip en vaardig met die woord, het sy op Russies, Hongaars, Duits, Frans, Engels of Afrikaans. Sy denke was oorspronklik, soms opspraakwekkend. Nie net oor die wynkuns nie, maar ook oor musiek, geskiedenis, en die mens. Beethoven en sy sestal Dachshund was sy voorliefde. Sy besonderse kennis van kultivars en wyn was die teelaarde vir 'n ganse vernuwing in die wynbou aan die Kaap. Ons bring hulde aan 'n besonderse mens – 'n wysgeer met 'n neus vir wyn – met hierdie edel vonkelwyn.

Pongrácz. 'n Manjifieke Méthode Champenoise, geskep uit die twee sjampanjekultivars, op die klassieke manier, nes die Franse dit doen.

PONGRÁCZ
MÉTHODE CHAMENOISE




VERRUKLIK DROOG · ONMISKENBAAR EDEL

LIEBERHEIM

Paradyskloof
STELLENBOSCH


BELÉ IN U EIE DEELTJIE VAN STELLENBOSCH EN GENIET ALGEHELE SEKURITEIT, 'N IDILLIESE ONGEWING EN 'N UITSIG OOR DIE MAJESTIEUSE JONKERSHOEKBERGE!

RUIM • VEILIG • SKILDERAGTIG




- Hoofslaapkamer met badkamer en aantrekkamer en-suite.
- 2de en 3de slaapkamers met volledige badkamer.
- Motorhuis en motorafdak.
- Ommuurde privaattuin.
- Afsonderlike patio's vanaf slaap-, sit- en eetkamer.
- Noord-aansig.
- Slegs een elektroniese beheerde toegang tot Lieberheim.
- Toesluit en ry lewenstyl.

Lieberheim is 'n laedigtheid-ontwikkeling wat uit 43 vrystaande wonings bestaan, elk met afsonderlike titel, rustige privaatheid, manjifieke uitsigte oor die asemrowende Jonkershoekberge, sonnige noord-aansig kamers en – die beste van alles – werklik goeie sekuriteit.



Sekuriteit is van uiterste belang by Lieberheim. Die hele projek is omring deur 'n veiligheidsmuur en toegang word beperk tot 'n enkele elektronies beheerde hek wat deur middel van 'n kabelfoon met elke woning in die projek verbind is. Slegs inwoners binne die projek kan die hekmeganisme aktiveer. Bo en behalwe die beplande veiligheidsmaatreëls, kan inwoners hulle ook berus in die wete dat vriendelike bure daar is wanneer hulle nodig het.

Die Lieberheim-skouhuis is 7 dae van die week oop: Maan. – Don. 11h00 – 17h00, Vry. – Son. 14h00 – 17h00. Neem die R44 vanaf Stellenbosch na Somerset-Wes, draai oorkant die golfbaan links in Paradyskloofweg en draai daarna by die tweede pad, Floridaweg, regs. Lieberheim is aan die einde van Floridaweg.



BB
BB
BB
bellandia

Tree in verbinding met ons by die skouhuis (021) 880-1705 gedurende skouure of Susan Saaiman (021) 96-7222 of Wendy Ogiela (021) 880-1042.